



Xuane...

'n Rede om te glimlag

Deur:

Theresa Botha Nieuwenhuis

Voorwoord

Ek is 'n mamma van twee pragtige dogtertjies... of nou net een. Sien die storie staan so, my oudste dogter is oorlede aan 'n rare tipe kinder kanker op die ouderdom van 8 jaar 2 maande en 6 dae. Sy het 'n anaplastiese empendimoom gehad wat in haar spinale koord gegroei het en later het dit versprei na haar buik toe en het haar verlam gemaak in haar onderlyf.

Maar kom ons begin van die begin af.

Kinder empendimome is 'n baie rare tipe kanker waar kwaadaardige (kanker) selle vorm in die weefsel van die brein of spinale koord. Die spinale koord is saamgestel deur 'n klomp senuweeweefsels wat gekonnekteer is aan die brein wat seine deurgee na die liggaam wat om te doen. Empendymal selle word vervaardig in die serebrospinale vloeistof wat in die gange en ventrikals vloei van die spinale koord en brein. Empendimome ontstaan van hierdie selle.

Jy kry 4 tipes empendimome:

1. Subempendimoom (Graad 1)
2. Myxopapillary Empendimoom (Graad 1)
3. Empendimoom (Graad 2)
4. Anaplastiese Empendimoom (Graad 3)

Die graad of stadium van 'n tumor beskryf hoe abnormaal die kanker selle lyk onder 'n mikroskoop en hoe vinnig die tumor sal groei en versprei. Hoe hoër die graad of stadium hoe vinniger sal die kanker groei en versprei. Empendimome kan ook ander plekke vorm in die gange van die vloeistof, vloeistof ventrikels van die brein en die spinale koord. Meeste empendimome vorm in die vierde ventrikel en affekteer die serebellum en die brein stam. Die gedeelte van die brein wat geaffekteer word deur die tumor hang af van waar die empendimoom vorm.

Ek was 'n dood normale vrou wat die lewe geniet het met al sy uitdagings en hartseer. Ek het al alles beleef. Ek het in 2004 November my man ontmoet en was tot my ore toe verlief. Ek kon nie oor enigiets anders praat nie, ek het gedink daar kan niks slegs in my lewe wees van nou af nie want ek het die liefde van my lewe ontmoet en het gedink hartseer is iets van die verlede. In 2005 Desember het my man die nuus aan my oorgedra dat my Pa 'n hartaanval gehad het en oorlede is. Ek het hom half verwyrt want hoekom het hy my seer gemaak deur sulke nuus aan my oor te dra? Ons het dan soveel gelukkige tye saam gehad en nou dra hy die nuus aan my oor dat ek NOOIT weer my pa gaan sien nie.

Ja, ek weet wat julle nou dink, die vrou het 'n hormoon problem maar ek het soveel emosie gehad en woede dat ek nie geweet het hoe om dit te hanteer nie en hy was maar net ongelukkig die eerste persoon wat ek dit op kon uithaal.

Met hartseer kom daar geluk...of so sê hulle. Net na Kersfees het ek uitgevind ek is swanger met ons eersteling. Ek was eers bang gewees want dit is iets nuuts maar ek het my verantwoordelikheid aanvaar en so het my band met Xuane begin.

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Ek het elke dag met haar gepraat en sy het so mooi gegroei. Ons is in Maart 2006 getroud en Augustus 2006 het ek die mooiste engel gekry. Ek het 'n keiser gehad met vol narkose so ek was nie wakker om haar eerste te kon sien nie. Al wat ek onthou is toe ek bykom het ek vreeslik seer gehad maar die oomblik toe ek hoor sy huil toe glimlag ek en toe weet ek ons gaan nog baie lag en baie huil. Min het ek geweet wat wag op my, lang trane, moeilike dae, slapelose nagte en onbeantwoorde vrae. Hierdie is my storie. 'n Onko-mamma se verhaal om saam met kinder kanker te leef is nie maklik en nie altyd mooi nie, maar tussen al die trane deur is daar tog iets om oor te glimlag.

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

2009 - 2013

Ons het in die Kaap gebly op 'n klein dorpie Vredenburg. Xuane het soos 'n normale dogtertjie skool gegaan en was 'n gelukkige kindertjie. Xuane het gereelde blaas infeksies gekry en ons moes elke tweede week na die dokter toe gaan om te kyk hoekom sy koors kry en hoekom sy so min urineer. Elke keer was sy met blaas infeksie gediagnoseer en haar urine is weggestuur om dit te kweek om sodoende uit te vind watter tipe bakterie in die urine gevind word sodat die regte medisyne voorgeskryf kan word om die bakterie dood te maak. Maar elke tweede week was ons terug by die dokter.

Xuane is na 'n uroloog toe verwys en in Oktober het sy haar eerste operasie gehad. Sy was darem nie lank in teater nie maar dit het vir my soos eue gevoel. 'n Sistoskopie is gedoen (dit is waar die blaas pypie gerek word sodat al die urine uit die blaas uit kan loop om sodoende blaas infeksie te verhoed). Na omtrent 'n uur in die teater is sy direk xtrale toe om vir haar jodium in te spuit sodat hulle kan sien of die operasie 'n sukses was.

Nadat die vloeistof ingespuut was, was dit moeilik om Xuane te laat urineer so die xtrale is geneem maar hulle kon niks sien nie. As gevolg hiervan kon die dokter nie 'n diagnose maak nie en ons is huis toe gestuur met die hoop dat die operasie 'n sukses was. Maar kort daarna is Xuane weer dokter toe en blaas infeksie is weereens gediagnoseer.

Teen Desember het Xuane snaaks begin loop. My ouers het kom kuier vir die vakansie en my ma het dadelik opgemerk dat iets nie pluis is nie. Wel na 'n paar keer se gesukkel het my brein begin hardloop. Daar was gesê dat sy dalk ons mag flous om aandag te kry omrede sy nou 'n sussie bygekry het en nie meer al die aandag kry nie. Maar soos 'n ma se brein werk het ek bly dink en wonder. Ek is terug na my huisdokter toe en het haar gevra om my asseblief te verwys na 'n pediater wat die probleem kan oplos.

Ons is verwys na Dr Adri van der Walt by Panorama Medi-Clinic in die Kaap. Ons kon eers in die derde week van Januarie 'n afspraak by haar kry. Die afspraak het soos 'n berg voor my gelê en ek onthou hoe benoud ek was om te gaan maar ek het deurgedruk. Ons het by haar aangekom en die oomblik wat sy vir Xuane gesien het, het sy vir ons gese dat iets vassteek in haar spinale koord.

Ek het dadelik van haar gehou omrede sy sommer dadelik tot die punt kom. Ons was nog nooit so lank in 'n dokter se spreek kamer nie. Xuane is gelos om by die speelgoed te speel terwyl sy eers met my en my man gepraat het. Ons mediese geskiedenis is eers uitgelê en klomp vrae is gevra. Daarna is Xuane ondersoek en sy het vir ons gesê dat sy graag vir Xuane wil opneem omrede sy fisies nie iets verkeerd sien nie maar sy wil verdere toetse doen net om seker te maak alles is reg.

Ek en Xuane is opgeneem in die pediatriese saal by Panorama Medi Clinic min wetende wat op ons wag. Dieselfde dag is Xuane vir bloedoetse, xtrale en sonars gestuur. Die dokter het die volgende oggend haar saal rondtes kom doen en ek het daar gehoor dat sy niks kon optel met hierdie toetse nie, maar dat sy graag 'n MRI wil doen om verdere ondersoek in te stel.

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

'n MRI is gereël maar omrede jy moet stil lê en die masjien vreeslik raas is dit aangeraai dat Xuane onder narkose gesit word. Ek het vir die tweede keer vormpies ingevul vir die narkotiseer. Die MRI is gedoen en min of meer 45 minute daarna het Xuane uitgekóm. Sy was baie deurmekaar en ek het vir haar gesê sy moenie bekommerd wees nie, mamma is by jou en ek sal nie toelaat dat iemand jou seer maak nie.

Terug in die saal het Xuane maar meeste van die dag die narkose afgeslaap wat my ook bietjie kans gegee het om te rus. Natuurlik het my selfoon onophoudelik bly lui en boodskappe het deurgekom want familie en vriende was ook bekommerd oor die uitslae.

Met die aand se rondtes wat gedoen is het dokter my ingelig dat die nero chirurg my die volgende dag sal kom sien want hulle het 'n gewas opgetel in haar spinale koord maar weet nie watter tipe gewas dit is nie. My hart het gesink en ek het nie geweet wat om met hierdie nuus te maak nie. Ek kon nie die aand slaap nie maar was snaaks genoeg ook gerus want nou weet ons wat die probleem is.

Die volgende oggend het die nero chirurg my kom sien en eers vir my die xtrale gewys. Hy het voorgestel dat ons die tumor eers identifiseer voordat enige iets verder gedoen kan word, maar om hom te kan identifiseer moet 'n biospie gedoen word en dit beteken...operasie.

Ek het my man gebel en vir hom gesê wat die dokters voorstel en dat hy moet kom sodat ons kan besluit wat om te doen. Ek het my ma gebel en my skoon ouers en hulle het sommer dadelik besluit hulle wil ook daar wees en het opgevlieg van die Transvaal af om ons by te staan.

Die oggend is ons na die dokter se spreekkamer en hy het die operasie verduidelik wat hy wil doen en was reguit oor al die positiewe en negatiewe dinge wat kan gebeur. Sy kan verlam wees, sy kan beheer oor haar blaas en dikderm verloor want hulle opereer baie na aan al die senuwees. Ons het vorms geteken en die dokter het die operasie vir die Vrydag oggend geskeduleer. Hy het gesê ons moet onself regmaak vir 'n baie lang wag want so operasie kan tot 8 ure duur om alles uit te kry.

Ek is saam Xuane in teater toe wat toe al baie dronk was van die premeds wat gegee word. Ons het ons klaar gelag vir haar want sy het gegiggel en snaakse opmerkings gemaak. Ek is saam in en het haar vasgehou terwyl die narkotiseer haar narkose gee. Sy het stadig aan die slaap geraak en vir die eerste keer het ek magteloos gevoel. Ek moes haar neerlê sodat hulle alles kan konnekteer maar dis asof my arms haar nie wou laat gaan nie, ek was nie reg hiervoor nie, ek was nie reg vir al die nagevolge wat die dokter genoem het nie.

Die suster het my uitgelei en syt vir my gesê: "Gaan drink 'n koffie en eet 'n ietsie, sy is in goeie hande".

Die teater deure het agter my toegegaan en emosie het soos 'n donderstorm oor my geval. Ek het onophoudelik begin huil en my ma en man was daar om my troos, maar hoe troos mens 'n mamma wat haar baba op 'n bed neerlê waar hulle haar gaan oopsny en gaan seer maak. Ek het dan vir haar belowe ek sal nie toelaat dat iemand haar seer maak nie. Ek het besef, ek het my belofte gebreek aan haar en dit het my verder gebreek.

Ons het gaan eet en koffie drink maar ek kon nie my gedagtes tot stilstand bring nie. Ek wou net op een plek wees en dit was by haar, langs haar, ek moet haar beskerm teen almal wat haar wou seer

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

maak. Ons is toe op na die wag kamer en ons het daar rondgedwaal. Na 4 en 'n half ure is sy uitgestoot en direk intensiewe sorg toe. Ons moes eers wag sodat die dokter en susters kan seker maak alles is reg. Die suster het uitgekóm en ons moes eers ons hande was voor ons haar kon sien.

Dit was vir my erg om daar in te stap en al daardie mense op masjiene te sien, is my kind ook op masjiene, is my kind ook vol pype en drade? Maar tog het my bene bly loop en daar het sy gelê, 'n paar pype maar perfek. Ek het by haar gaan staan en vir haar gesê alles gaan reg kom my bekkie, mamma is hier. Elkeen het 'n beurt gekry om haar te sien en die dokter het my ingeroep om vir my die operasie te verduidelik.

Hy het vir my gesê dat die operasie nie suksesvol was nie, hy kon slegs genoeg uit kry vir 'n biopsie maar kon nie die hele tumor verwyder nie want hy is heeltemal te hard en die tumor is tussen al die senuwees. Hy het ons verduidelik die senuwees is soos 'n perd se stert en die tumor is tussen in so om alles te verwyder is onmoontlik bedoelende sy sal nooit weer loop nie en sy sal verlam wees vanaf haar naeltjie onder toe. Hy het vir ons ook genoem dat hy dink dit is 'n empendimoom maar of hy kwaadaardig is weet hy nog nie en slegs die toets wat op die biopsie gedoen word sal kon vasstel of hy kwaadaardig is of nie.

Na 4 dae in intensiewe sorg met hoë koors is sy terug na die pediatriese saal toe. Die 08ste Februarie 2010 het die pediater en die nero chirurg my kom roep om met my te praat. Die toetse was terug en die dokters het soos 'n paneel voor my gesit en ek het gevoel asof ek voor 'n jurie sit en ek enige oomblik 'n tronkstraf gaan kry.

Die nero chirurg het gepraat en bevestig dat dit 'n empendimoom is en dat hy graad 3 is. Wat dit beteken het, het ek nie op daardie stadium besef nie. Ek onthou ek was kalm en net gesê goed so, hoe gaan ons teweerk? Die dokters het my aangekyk en gesê dat sy na 'n onkoloog toe verwys sal word wat verdere behandeling sal bespreek. 'n Onkoloog? Wat is dit? Ja, ek het nie geweet nie. Ek het gesê goed wanneer sien ons die onkoloog en hulle het gesê ek sien haar die 11de Februarie. Ek het my man gebel en vir hom gesê wat volgende gebeur en hy het gesê dit is reg hy sal daar wees. Ek het my ma gebel en die oomblik wat ek onkoloog genoem het, het sy dadelik gesê maar dit is 'n dokter wat in kanker spesialiseer. Ek was half stomgeslaan maar het gesê ons moet nie nou daarvoor bekommerd wees nie, kom ons hoor net eers wat die dokter sê.

Daardie aand het 'n vrou wat ook opgeneem was saam haar kind na my toe gekom en vir my gesê sy is jammer om te hoor. Ek het half kwaad en geirriteerd vir haar gevra waarom sy jammer is. Sy het vir my gesê sy het gehoor dat my kind met kanker gediagnoseer is en ek het dit dadelik ontken en vir haar gesê sy het duidelik nie die regte informasie gekry nie en was somer op die daad ontsteld. Maar ek kon nie help om te dink nie.

Die volgende oggend het die pediater haar rondtes kom doen en ek het haar gevra. Het my kind kanker? Sy het toe haar kop geskud en gesê dit is 'n tipe kanker maar sy kan nie verder uitbrei nie, dit is die onkoloog se werk en sy mag nie daar inmeng nie.

Die oggend van die 11de Februarie is ons na die onkoloog by Grootte Schuur Hospitaal. Ek en my man is in met klein Mia in haar drae stoeltjie en Xuane op my heup. Ons is na 'n kamertjie toe gelei en daar het sy ons meegedeel dat Xuane 'n rare tipe kanker het en dat chemo terapie nie effek het op die tipe tumor wat sy het nie. Hulle kan bestraling gee vir 6 weke en dit kan 3 rigtings gaan.

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Nommer een, dit kan die groei heeltemal stop, nommer 2 dit kan die groei stop vir 'n ruk en dan kan die tumor weer begin groei en nommer 3 die tumor bly groei.

Ek het gevra, gaan sy haar hare verloor?

Die dokter het haar kop geskud en gesê nee maar die bestraling gaan haar laat jeuk en baie moeg maak en sy sal 'n brandwond he as gevolg hiervan. Ek het trane in my oë gehad maar omrede Xuane nie daarvan gehou het as ek huil nie het ek myself in toom gehou.

Die maksimum bestraling is voorgeskryf maar dit sou eers 6 weke na die operasie gebeur omrede sy eers moes gesond word.

Ons is terug huis toe en het almal in kennis gestel dat Xuane kanker het en wat volgende gaan gebeur. My man was stil en het net kort-kort gevra is ek ok. Maar nie een oomblik het ek hom gevra of hy ok is nie. En daarvoor sal ek seker nooit oor vrede kry nie want hy het ook slegte nuus ontvang, nie net ek nie en ongelukkig het mans en vroue twee verskillende maniere om slegte nuus te verwerk. Myne was om uit te bars in trane en te wil gil en skree en syne was om stil te bly, eintlik om sterk te bly vir ons.

Die volgende 4 weke was ons baie deur Kaap toe want Xuane moes gaan om die nodige merke te maak en vorm vir haar gesiggie en lyf sodat sy elke keer in dieselfde posisie lê sodat die bestraling meer effektief sal wees. Daar is voorgestel om haar elke keer lokale verdoving te gee of net 'n stropie sodat sy slaap deur die hele proses maar soos Xuane is het sy dit teengestaan so klein as wat sy was. Sy was vreeslik opstandig en geveg teen die slaap. Ek het gevra of ons net een keer kan kyk hoe sy reageer sonder die medisyne. Hulle het ingestem en ons het dit probeer. 'n Sukses. Sy het tjoepstil gelê en het geluister as ons praat.

Terug by die huis was daar klomp reëlins om getref te word. Ek moes met my werkgewer gaan praat en het vir hom gesê, ek kan bedank of ek kan in die aand die dokumentasie opstel en vir hulle deur epos. Hulle het my 3 maande afgegee sodat ek elke dag by Xuane kon wees vir haar bestraling. Ja, dit is min werkgewers wat so barmhartig is.

Ek het nie 'n lisensie gehad nie so ek kon nie alleen Kaap toe en terug bestuur nie en ons het besef dat die ryery uitputtend sal wees vir Xuane se lyfie. Ongelukkig kon my man nie saam gaan nie so 'n ander plan moes beraam word. Ons het na die pediatriese saal gaan kyk waar sy kon opgeneem word vir die week en dan naweke ontslaan raak vir 6 weke lank, maar ek het daarteen besluit want hospitale vir 6 weke lank dag en nag was net een te veel om te hanteer.

Ons familie het besluit hulle gaan ons ondersteun in hierdie tydperk en hulle sou beurte maak om op te vlieg en saam my en die kinders in 'n gastehuis te bly sodat sy haar bestraling kon kry. Die eerste twee weke het my skoonma gekom, die derde en vierde week het my ouers en sussie-hulle opgekom, die vyfde week het my ander sussie opgekom. Ek sou die laaste week van haar bestraling in die choc huis gebly het maar die verblyf reëlins is toe nie gereël deur die hospitaal soos bespreek nie en hulle was toe alreeds vol bespreek. My skoonma het toe die laaste week weer opgevlieg om ons rond te ry.

Haar bestraling het die 8ste Maart begin. Omdat sy klein was is ons altyd eerste gehelp. Ons het 'n klomp vrouens daar gekry wat bestraling vir borskanker gekry het en die tannies het sommer dadelik

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

bevriend geraak met Xuane. Soos enige kind maar is, moes ons haar so bietjie omkoop om saam te werk. Ons het haar met 'n wimpy ontbyt omgekoop en 'n wandeling in die mall daarna. Dit was naby aan Paasfees so paaseiers was volop in die winkels.

Die tweede week van haar bestraling het 'n klein dogtertjie ook gekom vir bestraling op Maandae en die res van die week sou sy chemo kry vir buik kanker. Die dogtertjie was ses jaar oud. My eerste gedagte was, so dit is nie net my kind wat kanker kry nie.

Xuane was op 'n hoë dosis kortisoon wat haar vreeslik laat swel het en ek moes groter klere koop sodat sy gemaklik kon wees. So het die weke van die bestraling verby gegaan en ek kon alreeds beterskap sien teen die derde week. Sy het weer gehardloop en rondgespeel en geskaterlag. Daardie geluid was darem die mooiste wat ek al gehoor het. Daardie giggeltjie van haar het almal aan die lag gehad en sy het 'n manier gehad om haar neusie te kreukel terwyl sy lekker lag en dit was net te pragtig vir woorde.

Die kortisoon is verminder oor die ses weke en die swelsel het gesak. Die laaste dag van haar bestraling is ons terug na die onkoloog toe en sy het gesê dat ons ses weke daarna weer moet kom sodat 'n opvolg MRI gedoen kan word om te sien of die bestraling 'n sukses was.

Ons is huis toe na ses weke in gastehuse en ek onthou dat ek nog nooit so bly was om terug te keer na normaal toe nie. Dit was asof daardie berg kleiner geraak het en die moedeloosheid verdwyn het. Ek het terug gegaan werk toe en Xuane is terug kleuterskool toe soos 'n normale dogtertjie.

Die 04 de Junie 2010 het ons teruggegaan na die onkoloog by Grootte Schuur Hospitaal en sy het Xuane ondersoek en was somer baie tevrede met Xuane se vordering. Sy het 'n MRI geskeduleer by Panorama Medi Clinic en ons is die oggend van die 16 de Junie 2010 opgeneem. Sy is weer onder narkose gesit. In die saal het ons gewag vir die uitslae maar het geleer met vorige geleenthede dat mens jou moet voorberei vir die ergste dan is die skok darem nie so groot nie alhoewel dit nogsteeds is. Die dokter het ons meegedeel dat Xuane se tumor gekrimp het. Ons was verheug en dit was asof 'n stukkie hemel aarde toe gekom het en al wat ek kon doen was huil en ek het net gesê dankie Heer.

Ons is huis toe gestuur met die goeie nuus en ek kon na 'n tydperk van 8 maande goeie nuus oordrae aan die familie. Almal was natuurlik in hulle noppies oor hierdie nuus en dit het soos 'n veldbrand versprei tussen familie en vriende. Ons het normaal aangegaan maar teen Augustus het ek en my man persoonlike probleme opgetel. Ons het besluit om vir eers paadjies te skei. So is ek en die kinders terug Transvaal toe en het vir 'n tydperk by ma-hulle ingetrek.

Ek het vir Xuane fyn dop gehou met die hoop dat ons wel die tumor oorwin het dat hierdie struikel blok maar net nog 'n kronkel in die paadjie was en dat ons dit ook sou oorkom. Daar was vir ons gesê dat sulke nuus vreeslik spanning op 'n mens se huwelik plaas maar ek wou dit nie glo nie. Niks sal tussen my en my man kom nie.

Teen September maand het Xuane weer begin met haar simptome en ek het die ergste weer verwag. Ons is verwys na Dr Reynders by Unitas Hospitaal maar ek het sy spreekkamer die dag nie gebel nie. Ek het van 'n ander dokter gehoor. 'n Vroue dokter wat vreeslik sag met kinders werk en alles in haar vermoë doen om 'n probleem uit te sorteer. Ek het toe besluit om haar te skakel in plaas van Dr Reynders.

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Ek het met Dr Charmaine Jacobs gepraat en alles verduidelik en sy het gevra dat ons 'n MRI doen net om seker te maak alles is 100%. 'n MRI onder narkose is weer geskeduleer op die 13de Oktober 2010. Ek en my stiefpa is deur Unitas toe en ons het daar gewag nadat Xuane uitkom, maar in my hart was ek vreeslik onrustig want hoekom moet ek alles weer deurmaak. Dit het soos 'n sirkel gevoel wat net nie einde het nie.

Die dokter het ons in die wag kamer gekry en het vir ons gesê dat die tumor wel nog sigbaar is en die tekens van bestraling is sigbaar op die skanderings maar wat sy ook sien is opbouende vog wat ook die simptome kan gee. Ek en my stiefpa het sommer begin huil oor die nuus. Die tumor het nie weer gegroei nie en dis net blaas ontsteking. Goeie nuus is weer oorgedra aan al die mense en ons is terug huis toe om ons normale lewe voort te sit.

Xuane het in 'n maand se tyd baie glipsies begin kry. Sy het gekla van haar lae rug wat vreeslik seer is en het weer snaaks begin loop (amper soos 'n pikkewyn gelyk as sy loop). Ek het weer vir Dokter Charmaine gebel en haar vertel maar Xuane se simptome vererger en sy het nog 'n MRI voorgestel. Die MRI is weer onder narkose gedoen op die 23ste November 2010.

Ons is huis toe omrede ons laat klaar gekry het en die Dokter het my laat weet sy sal my die volgende oggend vroeg skakel met die uitslae. Julle kan net dink hoe was my nag gewees. Ek het opgestaan die volgende oggend, dood moeg van min slaap en 'n brein wat oortyd werk maar het klaar gemaak vir werk. Ek het my kindertjies gesoen en gesê sien julle later my bekkies. Ek is by die agterdeur uit en net toe ek die kar se deur wou oop maak toe bel die dokter my. Ek het dadelik opgetel en gewag vir die nuus. Hierdie keer het ek myself nie voorberei nie en het vir myself gesê dit is net vog en drukking wat die probleme veroorsaak.

Dokter het my ingelig dat die tumor gegroei het en dat die nero chirurg ons nog dieselfde middag wil sien. Ek het net gesê dit is goed so, ons sal hom kom sien die middag 13h00. So is ek terug in die huis in en het in 'n dwaal net vir my ma gesê bel vir Oom Abraham, ons moet hospitaal toe. Ek is na my werk toe maar toe ek voor die werk stop toe is dit 'n warboel van emosies wat my oorval en ek het onbedaarlik gehuil. Ek het vinnig ingegaan en net gesê ek moet gaan. Hulle het darem verstaan en vir my gesê dit is reg ek moet hulle op hoogte hou van sake.

Ons is deur Pretoria toe en direk na die professor se spreekkamer. Hy het my en Xuane ingeroep en hy het begin uitvrae oor die eerste operasie wat gedoen is en watter behandeling ontvang is. Daarna het hy Xuane ondersoek en was verbaas gewees oor hoe goed haar refleksie was. Hy het weereens vir my vertel dat Xuane 'n operasie moes ondergaan om hierdie tumor te probeer verwyder. Daarna sal behandeling bespreek word. Ek het vir hom gesê dit is goed so met die wete van die eerste operasie wat die gevare mag wees.

Weereens was ek in 'n situasie in gegooi om besluite te neem oor my kind se toekoms. Hoe kan ek hierdie besluit maak met die wete dat my kind nooit 'n normale lewe sou he indien die operasie nie 'n sukses was nie. Hoe dra ek die nuus aan haar oor? Hoe verduidelik ek vir haar eendag dat dit mamma was wat hierdie besluit geneem het om jou verewig in 'n rolstoel te sit. Maar ek moes sterk staan vir haar, myself en vir klein Mia.

Die dokter wou so gou as moontlik opereer en die operasie is geskeduleer vir die 26ste November 2010. Ek was hierdie keer ongelooflik bang en die eensaamheid het my gevang en ek onthou al

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

waaraan ek kon dink was ek soek my man by my. Alhoewel ons probleme gehad het, het hy 'n manier gehad om my net rustig te laat voel en die snaakse goedjies raak te sien om my te laat lag. Ek het hom gebel met die nuus en hy het gesê hy sal kom. Die aand het hy my gebel en gesê hy kry nie 'n vlug nie en dat hy nou in sy kar gaan klim en ry van die Kaap af.

Die volgende oggend is Xuane ingestoot teater toe. Ek het haar vasgedruk en wou nie laat gaan nie. Die susters het vir my weer gesê dat sy in goeie hande is en hulle haar mooi sal oppas. Ek moes laat gaan het, terwyl elke greintjie krag wat ek gehad het in my net wou vashou. Die tweede keer in my lewe het ek hopeloos en magteloos gevoel.

Ek het weer daardie eensame paadjie afgestap uit die teater uit en die teater deure het soos 'n bom agter my toegeslaan. Ek het net vir my ma gekyk en weereens onophoudelik gehuil. Ons het besluit om te sit en te wag gaan nie die ure vinniger om kry nie so ons het afgestap na die kafeterie om 'n koffie te drink en ontbyt te eet. Toe ons by die gang afgestap kom toe kom my man aangehardloop. Ek het vir hom gesê sy is klaar in en ek kon die hartseer op sy gesig sien maar hy het dit afgemaak.

Na 5 ure in die teater is sy weer opgestoot intensiewe sorg toe. Ons moes weereens wag voordat ons haar kon sien en die dokter het ons dadelik in die wag kamer kom spreek. Ek het nog nooit so uitdrukking in iemand se oë gesien nie soos daardie dag nie. Al wat hy kon sê was dat hy nog nooit so iets gesien het nie.

WAT MOET EK HIERMEE DOEN het ek gedink. Wat het hy gesien?

Hy het verduidelik dat die tumor harder was as wat hy gedink het en dat dit moeilik was om dit te verwyder. Hy kon slegs 50% uitkry. Hy was nie seker of 'n senuwee in die proses seer gekry het nie en het gesê dat hy haar sal dophou.

Ons is in na die kamer waar sy gelê het en hierdie keer was daar 'n lang dreinerings pyp in haar rug gewees, en n drippie in die nek. Sy het weereens soos 'n engel gelyk en ek kon nie ophou dink aan wat volgende gaan gebeur nie. Sy het wakker geword die aand en het vir my gekyk en al wat ek kon sien was vrae in haar ogies. Ek het nie antwoorde gehad nie, al wat ek vir haar kon sê was is dat mamma ongelooflik baie lief is vir jou en jou sal bystaan met elke dingetjie wat volg. Sy was opstandig gewees omdat ek nie by haar kon slaap nie maar die tannie wat oor haar gewaak het, het haar gerus gestel. Ons het gaan rus na 'n baie lang dag en die volgende oggend is ons terug na Xuane toe.

Sy is ontslaan uit ICU uit die 30ste November nadat ek 'n foto gekry het van die suster waar sy regop staan sonder pype en 'n baie breë glimlag, Sy is na die pediatriese onkologie saal toe om verder aan te sterk. Die professor het haar kom sien en hy het haar gevra hoe sy voel. Sy het vir hom gese sy dink sy moet huis toe gaan. Hy het gelag en gesê in daardie geval ontslaan ek jou! Dokter Charmaine het gese dat hulle my later sal kontak met al die besonderhede van die behandeling wat gaan volg maar dat Xuane nou eers moet gesond raak van die operasie.

'n Week daarna het die dokter my ingelig dat hulle chemo terapie gaan probeer vir drie maande. 'n MRI sal gedoen word om te sien of die chemo terapie werk en dan sal sy vir nog 3 maande kry. Ja, my gedagte was eerste, my kind se hare gaan uitval, ek weet dit is dom, maar 'n mens dink daaraan want hoe gaan sy voel daarvoor? Hoe gaan sy reageer en hoe gaan ander mense reageer? Ons gaan

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

deel word van hierdie simpatieke familie waar mense jou aankyk en vir jou staar en ek wou net nie deel wees van hierdie familie nie.

Ons het agter gekom dat Xuane nie regtig beheer oor haar blaas meer het nie en het dikwels haar bedjie natgemaak. Ons het toe besluit om haar die verleentheid te spaar om haar liewers terug te plaas op 'n doek. Sy het maklik deur 13 – 15 doeke per dag gegaan en ek het gesukkel om by te bly met die doeke want dit het ongelooflik duur geraak. Ek moes toe staat maak op ander mense om ook te help.

Dit is snaaks hoe mense jou ondersteun as jy deur moeilike tye gaan, baie wil vir jou kom bid, baie wil finansieël bydrae. Ek het die gebede aanvaar en wou glad nie geld aanvaar nie. Ek het gevra dat die mense doeke koop om my te help want ons mediese fonds het al ons onkoste aangaande haar behandeling en operasies gedek.

Na ses weke se aansterk is Xuane die 15de Desember 2010 opgeneem sodat 'n port ingesit kon word sodat die chemo direk in die hoofslagaar kon ingaan. Die 16de Desember het haar eerste chemo terapie begin. Ek het riller stories gehoor maar het toe agtergekome dat dit nie so erg is nie. Ons is toegegooi onder geskenke van almal wat die hospitaal besoek oor kerstyd en Xuane het dit ongelooflik baie geniet. Sy het baie pret gehad in die hospitaal met die sisters wat op diens was en ons het lekker gelag vir hulle en vir haar.

Die 17de Desember is sy ontslaan en Kersfees het voorgele. Sy was vreeslik lief vir hierdie tyd van die jaar, ja want geskenke word gegee maar ek dink ook dit is omdat die hele familie bymekaar is. Ons was daardie jaar by my ousus vir Kersfees en die kinders het dit omtrent geniet.

Met oujaarsdag het ek haar lang bos hare gekam en met die slag wat ek afkyk het ek 'n bos hare uitgekam. Ek het my doodgeskrik. Al wat ek gedoen het was om vir my ma te kyk en te sê nee. Ek het net daar omgedraai en geloop om myself reg te ruk, ek moet mos sterk wees vir haar maar die vet weet ek kon net nie daardie oomblik myself reg ruk nie.

My sussie het vir haar 'n mooi vlegselsel gemaak en Xuane was dolgelukkig en het gelag soos altyd. Maar my hart was bitter eina want alhoewel ek dolgelukkig was omrede sy lag en gesels en die lewe nie so ernstig opneem nie was my hart verpletterd. My dogtertjie gaan binnekort sonder hare sit en almal gaan ons aanstaar... het ek krag gehad hiervoor? Nee ek het nie maar ek moes maar iewers net krag kry want sy het my nou nodig en klein Mia nog meer want alhoewel sy bitter klein is, gaan sy ook deur hierdie ding wat oor ons pad gekome het.

Ek moes my trane sluk en 'n glimlag opsit om almal rondom my beter te laat voel alhoewel my hart besig was om weg te kwyn. Ek moes vrae beantwoord en in die dorp gaan rondloop het alhoewel ek net in hoekie wou sit en huil en nie weer daar uitkom voordat hierdie nagmerrie verby was nie. Min het ek geweet dat die nagmerrie nog skaars begin het...

Vroeg Januarie het ek besluit om Xuane se haartjies bob te sny want die hare het al hoe meer begin uitval en elke oggend wat sy opgestaan het, het sy minder haartjies gehad. Met haar sussie se 2de verjaardag het sy slegs hier en daar 'n klossie hare gehad en ek kon sien wat dit aan die familie gedoen het. Ons het vir haar hoedjies opgesit maar Xuane was heeltyd positief en het aanhou lag en gesels asof niks gebeur nie.

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Die 20ste Januarie 2011 het haar tweede blok chemo terapie begin. Sy het geen ander newe-effekte gehad van die chemo terapie nie. Sy het nie sere in haar mond gekry nie, sy was nie naar nie sy het slegs haar hare verloor en was uitgeput na elke sessie. Al haar hare is na die tweede blok chemo afgeskeer en sy het vir my gekyk en ek het gesukkel om my trane in toom te hou. Sy het vir my geglimlag en gesê mamma, ek kry nou so lekker koel...lyk ek darem mooi? My kind, jy is die mooiste kaal koppie wat ek ken!

Die 19de Februarie 2011 is haar derde blok chemo gegee en ons is huis toe met die idee dat dit nou sal verby wees. Ons is terug die 16de Maart 2011 vir 'n MRI onder narkose om seker te maak dat die chemo werk sodat ons die vierde blok chemo kan begin. Dokter het my ingelig dat die tumor gegroei het terwyl Xuane chemo ontvang het en dat die chemo nie voortgesit sal word nie. Sy sal slegs palliatiewe sorg kry en haar simptome sal behandel word soos dit opduik. Ek was aan die een kant bly dat die chemo terapie klaar is, maar was ook benoud oor dit wat voorlê.

Die 20ste April 2011 is Xuane se port verwyder en chemo was iets van die verlede. Daar is weer 'n MRI gedoen op die 19de Mei om die tumor se groei dop te hou en seker te maak hoe groot die skade raak. Ek kon dit daagliks sien want sy het al hoe moeiliker begin loop. Maar dis asof ek dit afgemaak het en dit uitgeblok het. Ek wou dit nie erken nie.

Ek en die kinders is einde Junie 2011 terug Kaap toe na my man toe en het dadelik weer begin werk en sy het dadelik by die skool ingeval. Die 11de Junie 2011 het ons die pediater en die uroloog gaan sien want sy het vreeslik baie gesukkel met haar blaas en haar urine het vreeslik erg en skerp geruik. Dit het haar begin selfbewus maak want tot haar klere het so begin ruik maak nie saak watter lekkerruik goedjies ek aangespuit het nie dit het nogsteeds vreeslik erg geruik.

Julie maand het ek soveel emosies gehad en kon nie vir mense beskryf hoe ek voel nie. Ek het toe besluit om 'n ietsie te skryf, ek het besef dat dit nie net ek is wat so voel nie maar dat daar ander mammas soos ek is wat nie hulle emosies vir mense kan verduidelik sonder om histories te huil nie, ek het toe hierdie geskryf en op my facebook muur gesit sodat almal kan besef hoe ek voel:

Van Een Onko-Mamma aan 'n ander...

Al ooit gevoel asof jy al jou mamma-magte verloor as jy by 'n hospitaal se deur in stap?

Al ooit daardie woede ervaar as hulle jou kind met naalde steek en aan pype Koppel en gif inspuit en daar is nie iets rondom dit wat jy kan doen nie?

Al ooit die gevoel van ontrouheid gekry as jy jou kindertjie in die oë kyk en jy weet jy't gejoj...dit gaan seer wees?

Al ooit die gevoel van onmenslike pyn ervaar as jy hoor van 'n ander onko-paar wat se kleinding die stryd verloor het en jy wonder wanneer is dit jou beurt?

Al ooit die gevoel van sprakeloosheid ervaar as jy jou kind na jou toe kom en vra wanneer Liewe Jesus haar kom haal?

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Al ooit gevoel die aarde probeer jou insluk en jy kan nie uitkom as daardie teater deure agter jou toeslaan nie?

Al ooit gevoel jy kan iemand met jou kaal hande vermoor as hulle simpel aanmerkings maak oor jou kind?

Al ooit gevoel dat jy wil weghardloop en in 'n hoekie gaan sit en net van alles vergeet al is dit net vir 'n rukkie?

Wanneer weet mens hoeveel keer is genoeg slegte nuus ontvang? Almal wil altyd weet hoe dit gaan en of jy nog sterk genoeg is. Dit is asof hulle wag dat jy enige oomlik ineen gaan stort en almal raak verbouereerd as mamma die dag onbedaarlik huil...en dan staan hulle mos reg met 'n sielkundige se nommer...I mean freaking hell!!!!

Wel my experience:

My lewe het in duie gestort die dag toe ek uitvind my kind het kanker. Elke keer wat jy slegte nuus hoor breek daar nog 'n stukkie van jou hart af en dit is asof jy naderhand nie meer trane het nie maar hierdie onbedaarlike woede en hardheid en ongelukkig kry die persoon die aanval wat eerste bel. Iemand kyk net skeef na jou kind se kaal koppie en jy wil mal word en hom aanrand. Maar dan kry jy mos natuurlik mense wat jou blatant uitskel oor die feit dat jy jou klein meisietjie se hare so kort afskeer, sy lyk dan soos 'n seuntjie. So vergewe my as ek nie altyd my moods kan beheer nie maar dit is partykeer flippen onmoontlik.

Jy wil nie altyd hoor dat jy moet sterk wees nie en jy moet bly glo nie, dit is vrek moeilik as jy konstante slegte nuus ontvang en wat die kersie op die koek sit is as jy vertel word deur die medici dat hulle niks verder vir jou kind kan doen nie, nou moet julle net wag en normaal aangaan! Hoe die hel gaan 'n mens normaal aan?

So aan elke kanker mamma daar buite:

Jy mag kwaad word

Jy mag skel

Jy mag moeg word

Jy mag huil

Ons is ook net mens, ons het nie super magte nie, sterk wees is ons enigste opsie, ons gaan huil en kwaad word, ons gaan moeg en siek word, so hou op om ons met valk oë dop te hou en te wag vir wanneer ons gaan val. Vir ons is daar net een ding om op te fokus en dit is GOEIE NUUS oor jou kind. Jy leef elke dag net vir daai ekstra stukkie hoop dat vandag 'n pynlose / medisyne-vrye dag gaan wees.

Die 29ste Augustus 2011 is daar 'n MRI weereens gedoen onder narkose by Panorama Medi Clinic en die uroloog het ons kom sien. Hulle het bevestig dat haar blasie besig is om verlam te raak en om infeksie te verhoed gaan hulle 'n suprabobiese kateter vir haar insit wat sy later van tyd self kan doen. Die operasie sou nie lank duur nie, en haar blindederm sou gekonnekteer word aan haar

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

blaas. Indien haar blindederm nie kon gebruik word nie sou 'n stuk van haar dunderm gebruik word. Ek was ongelooflik bang want ek wou nie haar seer maak nie. Ek het al te veel kere my beloftes verbreek aan haar.

Die 30ste September 2011 is die operasie gedoen en vir ses weke lank is Xuane met 'n kateter huis toe gestuur. Sy kon nie skool toe gaan met hierdie kateter nie want die kans vir infeksie was net te groot en die verleentheid tussen die maatjies sou haar breek. Na die ses weke verby is het ons terug gegaan dokter toe en die uroloog het vir my gewys hoe om haar te dreineer, dit was eintlik baie maklik gewees maar dit moes elke 4 ure gedoen word. Ek het toe die een juffrou by die skool geleer hoe om dit te doen anders moes ek heeldyd van die werk af vat om haar te gaan dreineer. Dit het vir 'n hele ruk lank baie goed gegaan, sy het minder blaas infeksies gekry en sy was gelukkig.

In November 2011 het ek agter gekom dat Xuane baie min loop en meestal net kruip. Ek het vir haar gevra hoekom sy kruip en dis toe dat sy vir my sê dat haar een voetjie snaaks voel. Ek het verward gevoel en kwaad op dieselfde tyd. Wat wou sy nou eintlik vir my sê? Ek het 'n naald gevat en haar voetjie liggies geprik met die naald en ek het haar gevra of sy dit voel. Die antwoord het soos 'n vloedgolf gekom...nee mamma...

Ek het besef, my kind is besig om verlam te raak. Sy is 5 jaar oud en gaan verlam wees teen die tyd wat sy skool toe moet gaan. Sy gaan nooit kan sport doen, of ballet, of by haar matriekafskied kan dans of selfs by haar troue nie. Watter man gaan 'n verlamde vrou wil he was my gedagtes.

Ja dit klink selfsugtig, maar dit is gevoelens wat vanself kom en die gedagtes maak mens mal! My ouers het 'n loopraam aangeskaf om te kyk of dit nie dalk kan help om haar te laat loop nie want 'n rolstoel wou ons nie nou al gebruik nie omrede dit sal beteken...ja my kind is verlam!

Ons het gesukkel met haar om die loopraam te gebruik want dit was vir haar vreeslik moeilik om te beweeg sonder om te val. My ouers het toe vir ons 'n rolstoel gekoop en sy het daardie rolstoel haar eie gemaak. Sy het gejaag met hom asof niks pla nie. Sy was seker die geduldigste en altyd reg met 'n glimlag en soentjie en drukkie.

Ek het besluit om vir 'n tweede opinie te gaan net om seker te maak daar is niks verder om te doen nie. Ek het Professor C Stefan geskakel vir 'n afspraak. Ons het haar die 21ste Februarie gaan sien en Dr Vlok die nero chirurg het saam gekom en vir ons gese dat hulle weer wou opereer. Maar hierdie keer om alles te verwyder. Die senuwee sou afgeknip word wat beteken het dat Xuane geen gevoel sou he nie en dat sy van haar middellyf ondertoe heeltemal verlam sou wees.

Ek en my man moes 'n besluit neem en hy het gesê nee, ons gaan nie nou opereer nie, ons moet eers weer 'n MRI doen om seker te maak ons maak die regte besluit. Ek het die dokter in kennis gestel en 'n MRI is geskeduleer.

Die 12de April 2012 het die dokter my geskakel. Ek was rustig by die werk gewees en het vir die eerste keer op iets anders gefokus. Toe ek die dokter se stem aan die ander kant hoor het my hart 'n paar kloppe gemis. Sy het my meegedeel dat die tumor te veel gegroei het en die operasie was heeltemal buite die kwessie. Hulle kan niks doen vir haar nie. Hulle stel voor ons geniet elke oomblik saam haar wat ons oor het.

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Ek het net gesê dis reg baie dankie vir die hulp en het die telefoon neergesit. Ek het vreeslik gehuil en met die het my baas ingestap en my net vasgehou. Hy het vir my gefluister, alles sal uitwerk, maar ek kon hom nie glo nie. Want tot dusver het alles verkeerd geloop, niks wou regloop nie. Ek is huis toe gestuur en ek moes die nuus oordrae aan my man.

Ek onthou ek het oorgeloopt na my buurvrou toe en toe sy die deur oopmaak het ek net vir haar gekyk met trane in my oë en sy het gevra agge nee wat nou. Ek het ingestap en sy het sommer dadelik die ketel aangesit. Ek het vir haar alles vertel en sy het my net vasgehou en ek het onophoudelik gehuil. Ek onthou ek het vir haar gesê dat ek bevrees is as Xuane dit nie maak nie gaan my man my los en ek kan nie my kind en my man verloor nie, dit sal net een te veel wees. Sy het my gerusgestel dat ek nie die bobbejaan agter die bult moet gaan haal nie en eers rustig raak.

Ek en my man het toe besluit dat ons moet terug trek Transvaal toe. Dat Xuane die tyd wat sy oor het saam met haar familie kon wees en tussen mense wat haar lief het. Ons het ook die ondersteuning nodig gehad vir die pad wat voorlê.

Ek het my nood krete probeer uitdruk maar weereens was dit moeilik om met mense te praat sonder om te huil, so toe skryf ek weer en sit dit weer op my facebook blad sodat almal dit kan sien en net so bietjie insig kry oor hoe ek voel:

Help 'n mamma in nood!

My kind het kanker. Ja dit klink blatant om dit so te uiter, maar hoe meer jy dit sê hoe meer sink dit in en hoe meer besef jy maar dit is die werklikheid hierdie.

Baie mense het vir my al gesê dat ek so inspirasie vir hulle is want afgesien van die afelope 3 jaar se terugslae het ek en my man staande gebly en voortgegaan soos normaal. Goed, dalk nie normaal nie want as hospitale en apteke 'n daaglikse uitgawe word is daar seriously iets fout by jou. Maar afgesien van dit, ons het aanhou lag, aanhou kuier saam met ons vriende ens.

Deesdae raak dit vir my moeiliker. Ek sien elke dag nuwe goed raak, stress begin sy tol eis op my want ek is meer vol skete en pyn as ooit tevore.

My laaste oproep van die onkoloog was die middel April 2012. Daar het sy ons meegedeel dat hulle ongelukkig niks verder vir my kindertjie kan doen nie dat sy so maksimum 2 jaar het hom te leef. Wel ek weet nie van julle nie maar ek het net daar van my kop afgegaan. Hoe durf sy dit vir my sê? Toe besef ek, ek het haar gevra... dit was maar net 'n eerlike antwoord. Definitief nie die ene wat ek wou he nie!!!

Deesdae sien ek al hoe meer hoe sy verlang daarna om saam met haar sussie rond te hardloop, soos 'n "normale" dogtertjie die toilet te gebruik, nie heeltyd in pyn te wees nie...haar bene val nou gate in as gevolg van te min bloedtoevoer en natuurlik vat dit mos nou eeue om gesond te raak.

Ek droom baie aande dat ek langs haar graf staan en as ek wakker skrik omdat my kussing papnat gehuil is wil ek nie verder slaap nie want ek is te bang daardie droom kom weer 'n draai maak en dan besef ek eendag gaan dit nie meer 'n droom wees nie. Hoe gaan ek reageer? Gaan ek ooit daaroor kom? Gaan ek ooit vrede en kalmte kan vind? Gaan ek my jongste wegstoot of te styf vashou net omdat ek te bang is ek verloor haar ook? Dis vrae wat elke dag as ek haar sien deur my kop skiet.

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Weet jul hoe dit voel om te weet jy gaan jou kind nie sien matrikuleer nie, haar matriekafskied rok help soek nie, haar eerste liefdesteleurstelling ervaar nie, haar eerste werk, haar sien by daardie paadjie afstap na die man van haar drome toe, haar eerste baba en die daaropvolgendes? Ja, baie mense sê wees net positief, bly vertrou en spreek lewe...mensies, ek probeer my uiterse bes, maar hierdie vrae hou nie op om in my kop rond te dwaal nie. Ek sien elke dag hoe my kind agteruit gaan, sien haar trane as sy pyn het, sien die verlange in haar oë as die maatjies om haar rond hardloop en speel, sien die moedeloosheid omdat sy altyd gehelp moet word om alles reg te kry...

Haar vraag nou die dag aan my? Mamma kan Liewe Jesus my nie maar kom haal sodat mamma se rug nie meer seer hoef te wees nie want ek kan sien mamma se rug word al hoe seerder as mamma my moet optel? Hoe antwoord jy so vraag? Hoe kyk jy jou kind in die oë en stel haar gerus sonder trane in jou oë? As iemand vir my dit kan sê dan asb share dit met ons mense wat verbouereerd raak en onbedaarlik huil en sommer uit skok uit op jou kind begin gil en skree.

My kind is my alles! Sy is die rede vir my opstaan elke dag, die rede dat ek totaal en al beheer oor my emosies verloor, my hart se punt en natuurlik my trots! Ek wil nie planne maak sonder haar nie.

So ek probeer nogsteeds positief bly, dit raak by die dag moeiliker! Maar vergewe my die dag wat ek bietjie uit verhouding uit lyk of voel want ek is ook maar net mens. Ek gaan sekere dae moeër wees as ander dae, ek gaan sekere dae meer bleek lyk, sekere dae met niemand wil praat nie. Gee my 'n dag of twee, dit is net realiteit wat nog so bietjie verder insink.

Die een wat my antwoord kan gee op al my vrae, behalwe om te bid want dit is al wat ek doen elke sekonde van die dag, asseblief gee dit vir my so gou as moontlik want ek wil ophou voel asof ek besig is om mal te word.

Die trek was gereël en ons is terug Transvaal toe. 'n Skool is gesoek vir Xuane en Mia maar om 'n skool te kry wat 'n kind vat wat rolstoel verbonde is, is taamlik moeilik in die lieflike lewe. Almal het dieselfde verskoning gehad, jammer mevrou, ons kan nie jou kind akkommodeer nie.

Een skool het die kans gewaag. Laerskool Kallie De Haas het haar ingeneem sonder om twee keer te dink. Hulle het vir haar opritte gemaak sodat die rolstoel meer vrylik kon beweeg het en het haar tafel hoër gemaak sodat haar rolstoel onder die tafel met gemak sal in pas. Hierdie was nie voor gevra nie, dit is vanself gedoen. Die voorskoolse juffrou het geleer om haar te dreineer ook wat 'n aanwins was want dan hoef ek ook nie elke dag vinnig weg te glip om skool toe ry nie.

Xuane het haar GR R jaar klaar gemaak by Kallie Klitsies en sy het elke minuut van skoolgaan geniet. Ek het eendag by die werk weer gesit en wonder oor wat koop ek hierdie jaar Kersfees vir die kinders. Hulle het so baie maar tog is Kersfees nie dieselfde sonder 'n ou geskenkie nie. Ek het weer geskryf want toe sit ek en dink wat wil ek vir my kinders he:

'n Mamma se Kerswens

Elke mamma se kerswens is seker anderste. Myne begin sommer by ASB LIEWE VADER, GEE MY KIND HAAR GESONDHEID TERUG.

So hier is my Kerswens vir jou my kindertjie:

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Op 'n Donderdag oggend 6 jaar gelede het Liewe Jesus jou aan my en jou pappa gegee. Alhoewel mama baie seer gehad het, sal ek nooit daai dag vergeet toe ek jou die eerste keer gehoor steun en kreun het nie. Ek kon nie praat nie, maar ek het jou gehoor. Dit het 'n glimlag op my gesig gebring en ek het geweet vanaf daai oomblik dat ons nog baie saam gaan huil en gaan lag.

Soos jy groter geword het en al jou mylpale bereik het so het my liefde vir jou ook net gegroei. Ek wens elke dag dat ek jou seer en ongemak weg kan vat. Dit is ongelukkig nou buite my beheer. Maar wat ek kan doen is om elke dag so gemaklik as moontlik te maak, om jou te laat lag, soms jou ook te laat huil en jou net lief te he vir die dierbare kindertjie wat jy is.

My kerswens vir jou is seker simpel vir meeste mense maar vir my sal dit die wêreld beteken.

Ek weet jy huil in die aande saggies sodat ek jou nie kan hoor nie, ek weet jy staar met verlange na sussie wat rond hardloop en op klim en klouters klim, ek weet jy smag daarna om jousef te kan help. My kind, die Liewe Vader weet waarnatoe jy in staat is en sal nie dinge oor jou pad bring wat jy nie kan hanteer nie, dit is wat vir my gesê word en ek glo dit met my hele hart en siel.

So my liefiekind, al kan jy nie rond hardloop nie, al kan jy nie dans nie, al kan jy nie op die klim en klouters baljaar nie, al kan jy nie jousef help nie weet net dat ek daar is om jou te help en jou te versorg soveel as wat ek kan.

Jy het al so baie dinge deurgemaak maar tog so baie dinge bereik, en dit vir 'n 6 jarige... Jy is die ultimate! Jy maak mense se oë oop, jy gee mense nuwe hoop en krag vir die dag van more en jy my kind, met jou glimlag op jou gesiggie elke dag maak jy baie mense se harte oop vir wonderwerke!

My kerswens vir jou:

Mag jy die vrugte werp van elke ding wat jy doen, mag jy die gesondheid kry waarna jy smag, mag jy die plesier ervaar in elke kosbare oomblik en mag jy altyd my klein Xuantjie bly. Jy is my inspirasie en jy help my om 'n beter mamma vir jou en vir sussie te wees.

DANKIE VIR DIE KIND WAT JY IS!

Lief jou ontsettend baie my kindertjie!

MAMMA

So is ons elke dag deur met gebede en met hoop dat dit wel sal beter gaan. Januarie 2013 het aangebreek en ons moes vir ons opvolg besoek gaan. 'n MRI is geskeduleer vir die 29ste Januarie 2013 en ons is met 'n hart vol verwagtinge maar tog soveel vrees na die hospitaal toe. Sy is onder narkose geplaas vir die MRI en ons het in die wagkamertjie gewag. Dokter het ons ingeroep en haar eers heeltemal ondersoek voordat sy die uitslae gegee het.

Die tumor het weer gegroei, die keer met 2 cm. Vir julle klink dit nie baie nie, maar vir so kleine lyfie is dit baie groot. Ons het met stukkende harte teruggegaan huis toe en soos elke keer het ek nogsteeds baie vrae gehad. HOEKOM, WAAROM, VIR WATTER REDE? Maar nogsteeds het my vrae onbeantwoord gebly.

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Ons het op die ondersteuning van familie en vriende gefloreer. Xuane het haar GR 1 jaar by Laerskool Kallie De Haas begin en was in haar noppies omrede sy uiteindelik groot skool toe kan gaan. Weereens is bewys dat daar mense met hart is. Haar juffrou het ingestem om haar te dreineer elke dag en my te skakel indien sy nie regkom nie. Sy het haar skool geniet en het elke dag met nuwe stories gekom en soveel glimlaggies. Ek en sy het in die aande met badtyd so geskinder oor wat die dag gebeur het en so lekker gegiggel.

Julie 2013 is nog 'n ondersoek deur die onkoloog gedoen en die dokter was baie tevrede met Xuane se gesondheid afgesien van die tumor. Sy het my ingelig dat ons moet uitkyk vir enige onaardige knoppe en ander simptome. Sy het ingestem dat sy haar een keer 'n jaar wil sien want om elke 3 maande te kom as sy so goed lyk is nie nodig nie.

Ek was so gelukkig! My kind is besig om gesond te word het ek gedink. Gebede is verhoor en ons kan uiteindelik aangaan soos 'n normale gesinnetjie! Xuane en Mia was so bietjie vir die vakansie by Ouma en die een aand vroeg in September 2013 stuur ek 'n sms om te hoor of die kinders soet is en of hulle ok is. My ma het gesê alles is honderd persent maar watter knop het Xuane op haar rug. My hart het gesink in my skoene in en ek het gevra vir 'n foto. My ma het 'n foto gestuur en dit het gevoel asof my hart in my keel sit. Ek het dadelik die onkoloog gebel en vir haar gevra wat kan dit wees. Sy het gesê dit kan die tumor wees wat versprei het. Ek het gehoor wat sy sê maar ek wou nie hoor wat sy sê nie.

Ek het 'n afspraak gekry en die 30ste September 2013 is bevestig dat die tumor deur die sakrum gebreek het en haar hele buik vol le. Ek het weereens in trane uitgebars en vir die dokter gevra hoeveel tyd het sy oor. Die dokter het vir my gesê dat sy nie 'n tyd kan Koppel aan lewe nie. Maar wat sy wel kan sê is om elke oomblik te geniet en saam haar te wees.

Ons moes die een keer 'n jaar besoeke nou verander en ons moes een keer 'n maand deur ry Pretoria toe sodat sy gemonitor kan word. Die dokter het ook vir my gevra hoe is haar pyn en ek het gesê wel Xuane kla nie rerig van pyn nie en die dokter het vir my gesê dit is die geluk by die ongeluk want as sy sou voel haar stuitjie breek sou die pyn vreeslik erg gewees het.

Ek moes die nuus aan almal oordra en ek het net nie krag gehad vir nog meer vrae nie. Ek het 'n kort boodskap gestuur vir al die naaste familie en vriende en 'n kort boodskap op haar facebook blad geplaas. Die vrae het ingestroom maar ek wou nie eers kyk nie nog minder beantwoord. Ek moes dit eers self verwerk voordat ek ander mense se seer en vrae kon beantwoord. Ek het nie vir Xuane ingelig wat gebeur het nie want sy was alreeds skrikkerig vir operasies en naalde. Ons het soos normaal weg aangegaan.

November 2013 het sy sertifikate gekry vir haar puik prestasie en ek was bitterlik trots op haar. Maar ek kon nie help om te wonder gaan sy net hierdie sertifikate kry of gaan sy nog baie kan kry.

Ek kon nie help om te wonder vir hoe lank gaan sy nog by ons wees nie, gaan sy haar 8ste verjaardag sien?

Gaan sy vinnig gaan?

Gaan sy ly?

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

2014

Die jaar het goed begin. Xuane is Gr 2 toe maar iets was anderste rondom haar. Sy was baie stiller, meer angstig en wou heelyd om ons wees. Sy wou nie een oomblik alleen gelos word nie. Hoekom het ek nie geweet nie. Ek het soms ongeduldig geraak met haar want ek wou sekere dae net alleen met my trane wees en met haar in die omtrek kon ek nie uiting gee aan my emosie nie maar wel my frustrasie.

Die tumor was al groot. Ek kon die skade al raaksien want soos die maande aangegaan het, het sy moeër geraak, haar magie het begin swel, dit het al moeliker geword om haar te dreineer.

Vroeg Mei 2014 het ek een aand terwyl ek haar bad agtergekom maar haar een been is vreeslik erg geswel. Dit het kompleet gelyk asof sy 3 bene het. Ek het die dokter gebel en sy het gesê ek moet haar ongevalle toe vat dat die huidokter net kan kyk wat aangaan. Ek het ongevalle toe gegaan en die huidokter het vir my gesê dit lyk soos 'n verstopping. Wat 'n verstopping beteken het, het ek nie geweet nie.

Ek is die volgende oggend vroeg deur hospitaal toe en die onkoloog het 'n sonar gedoen wat 'n bloedklont gediagnoseer het. Ek onthou ek het gedink ag Liewe Heer hoeveel nog. Hoeveel meer moet my kind hanteer, ek is nie seker of my hart dit nog lank gaan hou nie. Ons is huis toe gestuur en elke derde dag is bloedtoetse gedoen om die INR telling te neem. Die telling is deurgegee aan die onkoloog en sy het my laat weet hoeveel meer of hoeveel minder warfarin ek moet gee.

Die 26ste Mei moes sy weer bloedtrek die oggend. Die susters het gesukkel om 'n aar te kry en Xuane was baie bleek en moeg. Ek het gedink dit is maar net moegheid en dalk 'n verkouetjie maar koors het sy nie gehad nie. Die susters het my aanbeveel om haar na die huis dokter toe te neem omrede sy so bleek is. Ek het haar dokter toe gevat en het 'n angstigheid in my hart gehad. Die dokter het haar vinger geprik om haar bloed se digtheid te toets. Hy het vir my gekyk en vir my gesê vat haar hospitaal toe want jou kind het nie bloed in haar liggaam nie. Ek het myself dood geskrik toe ek dit hoor. Ek het die onkoloog gebel en gesê dit is wat gebeur het, maak reg ek is oppad.

Standerton is omtrent 3 ure se ry van Pretoria af. Ek het dit in minder as 2 ure gery. Ek was so opgestres en ek het ook 'n spasma in my lae rug gehad en het op daardie stadium nie krag gehad om Xuane op te tel sonder om verder seer te kry nie of dalk erger...haar laat val. Ek onthou ek het die kar se deur oopgemaak, haar opgetel, die deure toegeslaan en gesluit en begin hardloop. Xuane was half wakker, half aan die slaap.

Ek het ingekom by die saal en die dokter het vir my gewag. Hulle het dadelik 'n drip opgesit en vir haar 'n pint bloed gegee. Dokter het bloedtoetse gedoen ook om seker te maak wat die INR is en sy het ook haar HB telling getoets. Dokter het my eenkant toe geroep en vir my gesê dit lyk of tumor los geskeer het en dit veroorsaak interne bloeding, waar die bloeding begin weet hulle nie en hoe sy bloed verloor weet hulle ook nie want Xuane het nêrens uitgebloei nie.

Xuane se HB telling daardie dag was 3.9 en die dokter het my ingelig dat as Xuane nie so vegttertjie was nie, sou sy nie vandag gemaak het nie. Ek het geskrik toe sy dit sê en het besef ek is nog nie reg om afskeid te neem nie. Ek het die dokter gevra of ons nie 'n permanente kateter vir haar kan insit nie want dit raak al moeliker om haar te dreineer. Sy het vir my gesê dit is reg so en 'n kateter is

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

ingesit. Ek is ook geleer hoe om 'n kateter in te sit vir ingeval hy gedurende ongeleë tye sou uitkom. Die dokter het my ook meegedeel dat dit tyd was om Xuane uit die skool te haal.

Ons is van hieraf omtrent elke 3 weke deur Pretoria toe vir 'n pint bloed of meer en die tumor het net begin hand uit ruk en groei. Sy het 9 maande swanger gelyk en ek moes vir haar 11-12 jarige klere koop net sodat sy gemaklik kan wees. Dit was moeilik om haar elke dag so te sien want haar maag het net al hoe meer geswel en sy het so baie geslaap.

Met haar 8 ste verjaardag in Augustus het sy terwyl ons partytjie gehou het aan die slaap geraak en haar maatjie het my kom roep om te sê Xuane slaap en sy dink ek moet haar mamma bel om haar te kom haal.

Die 13de Oktober het Xuane begin koors ontwikkel, bitter swaar asem gehaal en was onrustig. Ek het die onkoloog gebel en gesê ons sal die volgende oggend aanmeld want iets is nie reg nie. Ons is die 14de Oktober opgeneem en so is 'n magdom toetse weer gedoen en pinte bloed is gegee.

Die 16de Oktober het die dokter my eenkant in 'n kamertjie ingeroep. Ek het geweet as sy my alleen roep is daar groot fout. Sy het my aangeraai om te sit. Sy het vir my gekyk en gesê: "Therese, Xuane se lyfie is moeg geveg".

Ek het my kop geskud en gehuil en besef hierdie is die einde. Ek het vir haar gevra my kind gaan nie weer huis toe gaan nie ne? Sy het haar kop geskud. Ek het haar gevra om my te help en my asb nie huis toe te stuur nie want ek sal dit nie kan hanteer as Xuane by die huis moet dood gaan nie. Sy het my aangeraai om die familie te bel om hulle totsiense te kom sê.

Ek is terug kamer toe nadat ek my trane afgevee het en ek het vir Xuane 'n soen op die voorkop gegee en vir haar gese mamma gaan net gou vir ouma hulle in die parkeer area haal. Sy het geglimlag en gesê dis reg so. Toe ek buite kom het ek gesms vir die naaste mense dat hulle moet kom, dis tyd.

My ma-hulle het gestop en toe ek my sussie sien toe begin ek net huil, ek het nie geweet wat om verder te doen nie want ek was op hierdie punt van ek kan nie meer my kind help nie en maak nie saak wat ek doen nie dit gaan haar nie red nie.

Ek het my een vriendin gesms wat 'n maand van te vore haar pragkind verloor het. Ek het op haar skouer gehuil en gevra hoekom, hoekom my kind. Sy kon my nie antwoord nie.

Die aand van die 17de Oktober 2014 het ek vir die eerste keer in 5 jaar my Bybel oopgemaak. Ek het 'n stukkie gelees en het op my kniee neergesak. Ek het my hande saam gevou en huilend het ek die besluit geneem om vir die Here te vra in plaas van maak haar gesond, kom haal haar maar. Ek kon nie meer toekyk hoe my kind sukkel om asem te kry nie, ek kon nie meer sien hoe sy agter uit gaan nie. Ek het vir Hom gevra, verlos haar asseblief van al die pyn en lyding.

So is ons die naweek deur en Xuane het beter begin lyk, sy het gesels met almal en grappies gemaak met haar Tannies en vir die sisters gelag in die saal. My ma het die Saterdagand by haar geslaap en die twee het tot 11 uur die aand gesit en gesels oor nonsens terwyl ek en my man so bietjie gaan rus het.

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Die Sondag is ek en my man terug hospitaal toe en sy het vir ons in die wag kamer gewag met 'n groot glimlag. Sy was bitterlik baie geswel, maar ek het gedink ag dit is maar net al die vog wat hulle vir haar gee. Almal is huis toe die Sondag en die Dinsdag het sy erger geswel. Die Woensdag die 22ste Oktober sou ek huis toe gaan en my man sou by haar bly dan sou ons die naweek weer plekke ruil.

Haar drippie het vir 'n tweede keer in die weefsel gegaan en ek het besluit om haar huis toe te vat wetende dat sy dit nie gaan maak nie. Die volgende oggend het ek opgestaan en sy het swaar asem gehaal en het meestal geslaap. My ma het kom kuier om te sien hoe dit met haar gaan en toe sy in stap het ek vir haar gesê Xuane lyk sleg. My skoonma en skoonsussie het ook kom inloer en ons almal het in die sitkamer gesit saam met Xuane en gesels. Almal is huis toe daarna en Xuane wou terug gaan kamer toe.

Die aand was ek bitter bang om te gaan slaap want ek was bang as ek wakker word is sy nie meer hier nie. Ek en my man het vir 'n hele ruk by haar gaan lê en ek het my hand op haar bors gesit en ek het vir hom gesê dat haar hartjie vreeslik vinnig klop. Ek het haar hare gevryf en net by haar gesit. Ek het naderhand gaan bad en weer voor in die TV kamer gaan sit.

Ek was onsaglik moeg na die week en 'n half in die hospitaal en my man het vir my gesê ek moet in die bed gaan klim want ek werk die volgende dag. Ek het vir hom gesê ek is doodbang om te gaan slaap. Ek het opgestaan en het by haar gaan sit, het vir 'n ruk lank na haar gestaar en haar handjie gevat. Ek het vir haar gesê Sussa, jy is moeg, gaan rus nou...ons sal ok wees ek belowe. Sy het haar ogies oopgemaak en vir my gekyk en net weer toegemaak sonder om iets te sê. Ek het haar 'n soen op die voorkop gegee en uitgeloopt. Ek het in die bed gaan klim en nog 'n hele ruk gelê en luister hoe sy sukkel om asem te haal. Toe raak ek aan die slaap.

Die oggend van die 24ste Oktober sal ek seker nooit vergeet nie. My wekker het soos normaal weg 04h00 afgegaan maar iets was anders...daar was doodse stilte, nie 'n geluid van hoe Xuane sukkel om asem te haal nie, nie 'n geluid van buite af nie, net doodse stilte.

Ek het diep binne in my geweet wat wag maar het dit uitgeblok en verby haar kamer gestap. Ek het die ketel aangesit, brood uitgehaal sodat ek vir Mia kan broodjies maak vir die skool. Ek onthou ek het die botter oopgemaak, maar ek het gestaan en gesê jy moet een of ander tyd by daardie kamer ingaan.

Ek het die mes neergesit en teruggeloopt in die stille gang. Ek het by haar kamer deur gaan staan en my hand op die lig skakelaar gesit. Ek het 'n paar minute gewag maar het vir myself gesê, toe nou, sit die lig aan.

Ek het diep asem gehaal, die lig aangesit en ingestap. Daar het sy gelê, doodstil. Ek het vir haar gekyk en besef sy is nie meer hier nie, al wat ek kon uitkry is NEE en MY SKAT!!!!!!! My man het ingehardloop gekom en ek het langs haar bed neergesak en haar koue handjie vasgehou. Hy het haar pols gevoel en ek het trane gesien loop.

Mia het ingekom en gevra wat nou mamma? Ek kon nie 'n woord uitkry nie en my man het vir haar gesê sussie is na Liewe Jesus toe. Ek het haar vasgedruk en sy het omgedraai en geloopt.

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Ek het opgestaan en besef ek moet die mense laat weet. My kop was deurmekaar. Ek het eerste my familie gebel en toe het ons die dominee gebel en gevra wat is die volgende stap? Ons was nie seker hoe laat Xuane dood is nie so ons moes gou speel. Die dominee het die begrafnis ondernemer gebel en hulle was net so voor 6h00 hier. Ek het in die kamer gesit en huil toe die dominee my roep. Kom bad vir Xuane en haal die pypies uit en trek haar mooi aan het hy gesê. Ek wou hom skop op daardie stadium want hoe kan hy verwag ek moet my dooie kind wat niks lewe in haar het nie gaan bad? Volgens die dominee was dit 'n manier van afskeid neem. Op hierdie stadium het ek gedink dit is baie onsensitief.

Ek het weer by haar kamer ingeloop en toe ek haar sien toe stort die trane van vooraf. Ek het alles reggekry om die kateter uit te haal. Ek het die kateter uitgehaal en my man het my gehelp om haar te bad. Met die wat hy vir Xuane opgebring het sodat ek die rokkie oor haar koppie kon kry toe kom daar vog by haar mondjie uit en hy het vir my gesê ek moet gaan, hy sal dit eers skoon maak. Ek het uitgeloop maar wou met alle mag daar by haar wees.

Ek het weer ingegaan en ons het haar aangetrek. Ek het vir ou laas aan haar handjie gevat en in die gang gewag. My man het haar opgetel en op die trollie gesit. Hulle het haar in komberse toegedraai en vasgegespe. Toe stoot hulle die trollie uit en laai haar in die lykswa. Dit was vir my vreeslik om te sien toe hulle ry en ek kan nie saam gaan nie.

'n Vriendin van my het aangebied om vir Mia te kom haal en skool toe te vat en ek was baie dankbaar want ek kon net nie al daardie mense by skool in die oë kyk nie. Ek het vir almal in kennis gestel en 'n boodskap op facebook geplaas. So het al die mense begin opdaag en toe moes ons na die begrafnis ondernemer toe gaan vir al die reëlins vir die begrafnis.

Ek was in 'n dwaal en het geluister wat die ou vir ons sê maar het ook nie geluister nie. Ons het besluit om 'n stil verassing te hou. Die kis is nie kerk toe nie want ons was bang dat haar sussie dalk net vir Xuane daar wou uithaal want sy is maar klein en verstaan nie regtig nie. So dit het ons vermy.

Die ou by DOVES in Standerton was so sag en hy het baie mooi gepraat. Hy het gevra of daar 'n besigtiging gaan wees en ek wou eers nie want die gesig wat ek gesien het was nie mooi nie. En ek wou nie he almal moes dit sien nie. Maar my man het gevra dat ons dit doen en ek het vir hom gesê dis reg.

Terug by die huis was daar 'n toeloop van mense en blomme wat afgelewer word. Ek kon net nie meer nie en het in my kamer gaan lê om weg te kruip vir alles en almal en net daar alleen te wees met al my emosies wat so deurmekaar was op daardie oomblik. Ons het geweet sy gaan dit nie maak nie maar die skok was nogsteeds groot. Ek het een van haar gunsteling teddiebere gevat en op die bed gaan lê maar later het ek langs my bed op die vloer gelê sodat niemand my kan kry nie.

My sussie het ingeloop en my net vasgehou. My hart was stukkend. My kind is weg. Vir altyd. Ek moes myself reg ruk want ek gaan nie in een kan stort nie. Almal verwag ek gaan so ek gaan hulle wys ek gaan nie. Ek kon alles hanteer en ek sal hierdie groot gebeurtenis ook kan hanteer. Ek het my trane afgevee en opgestaan en gaan koffie maak vir almal.

My telefoon het mal gegaan maar ek het nie eers krag gehad om te lees nie wat nog van antwoord. Ek verstaan mense is besorgd en wil hulle simpatie toon maar al wat ek wou doen is om in 'n

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

bondeltjie te sit en te huil. Ek het so seer en niemand sal dit ooit verstaan nie tensy hulleself daar deur is.

Al die reëlings is getref en Xuane se begrafnis is gereël. Die dood is geregistreer en al wat ek van my kind oor het is 'n berg aandenkings en herhinneringe en 'n doodsertifikaat. Die begrafnis is gereël vir die 28ste Oktober 2014...dieselfde dag as haar operasie 5 jaar gelede.

Die besigting was 11h15. Ek, my swaer, skoonsussie en 'n vriend en vriendin is saam met my. Ek kon ingaan en ek het die trappies begin afstap maar ek het so gebewe en ek het om gedraai en my swaer gevra om saam te kom. Ek het by die deur gestop en toe hy uitroep kyk hoe mooi lyk jy my roos het ek ingestap. Ek het haar sien lê in 'n boks maar die mooiste engel met soveel vrede op daardie gesiggie. Ek het vir haar gesê ek is lief vir haar en het haar wang gestreel maar het geskrik vir die koue wat teruggeslaan het.

Ons is huis toe maar my hart was nie by die huis nie, dit was daar by haar. Meer as 300 mense het opgedaag, ek het nie eers die helfte geken nie. Na die tyd het almal 'n teetjie kom drink by ons huis en toe almal ry toe skree daardie doodse stilte weer in my ore.

Ek is die volgende dag terug werk toe en baie mense het nie geweet hoe om my te hanteer nie, hulle het my half vermy. Dit is seker verstaanbaar want ek kan of uithaak en misluk wees met almal of ek kan net myself wees soos ek elke dag was. Die een meisie het gesê sy weet nie hoe om my te hanteer nie en al wat ek vir haar gesê het was hanteer my soos jy my elke dag hanteer. Ek is nogsteeds dieselfde mens, net een kind minder.

Die 14de Maart 2015 moes ek my kind vir 'n tweede keer begrawe. Die gedenksteen is gegraveer met die volgende boodskappie:

"Xuane Nieuwenhuis

2006-08-17 – 2014-10-24

Goodnight my skat...sien jou more

Lief jou BAIE!"

My sussie het 'n ietsie vir haar ingesit en my oudste sussie wat haar altyd pikkewyn genoem het, het vir haar 'n klein pikkewyn gekoop en gevra ek moet dit asb saam met haar bêre. Hulle was nie daar nie. Ek was seergemaak hierdeur en was kwaad want ek weet sy kon nie weer vir Xuane begrawe nie, maar ek het haar nodig gehad want ek moes my kind weer begrawe. Alhoewel ons nie altyd langs dieselfde vuur gesit het nie was my ousus vir my baie belangrik en op hierdie dag het ek haar nodig gehad asook my middelsussie en my ma.

Xuane was haar peetkind en ek het gedink, sjoe regtig? Maar toe ek mooi gaan sit en dink het, het ek besef dat Xuane hare ook was in 'n manier en sy moes ook afskeid neem vir 'n tweede keer soos ons almal. My ousus kom hard voor maar het 'n baie klein hartjie. So ek het haar gerusgestel want sy het

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

'n sms gestuur en gesê sy weet sy stel ons almal teleur. Ek het vir haar gesê sy doen glad nie ek verstaan 100%.

Dit was 'n kort diens en net naaste familie is toegelaat. Ek het vir haar 'n briefie ingesit want ek kon nie iets anders kry om in te sit nie.

Jou "Gedenk" Briefie – My Liefste Xuanetjie

Mamma wou ietsie saam jou begrawe more maar het niks spesifiek wat ek kan insit nie...so toe skryf ek vir jou 'n briefie...uit my hart aan jou...My liefste Xuanetjie.

My Liefste Bekkie Blom

My hart is seer, ek moet nou regtig tata se maar ek wil nie. Jy is nie meer hier nie, jou assies word gebêre en dit is vir my verskriklik om na hierdie boksie te kyk en te moet dink dit is jy wat daar binne lê.

My liefjie, jy was my alles. Jy was my superstar. Jy was my rots. Jy't my sterk gehou as ek nie meer kon nie en my met net een glimlag beter laat voel. Jy wou altyd net naby wees waar ek was en ek kon dit nooit verstaan nie. Ek het ongeduldig geraak met jou maar nou weet ek want jy't geweet jou tyd is naby om tata te sê. As ek maar net geweet het, sou ek twee keer gedink het voordat ek ongeduldig geraak het, meer saam jou storie gelees het, meer saam jou geteken en ingekleur het.

Dit is vir my nogsteeds onwerklik. Dit voel nie asof jy weg is nie. Maar jy is. Jy kom nie terug nie. Ek gaan nie weer jou lewende ogies sien of jou 'n stywe drukkie kan gee nie. My hart is leeg sonder jou my skat, my hart is in stukke en dit word nie beter nie.

Mamma mis jou so so so baie. Ek wens net ek kon meer vir jou doen. Mamma het alles probeer wat ek kon om jou so gemaklik as moontlik te maak, maar dit was nie genoeg nie. Mamma is jammer dat ek nie by jou gesit het die hele aand nie. Mamma is jammer dat jy alleen was toe alles gebeur het. Mamma is so vreeslik jammer. Niks wat ek sê of doen kan jou terugbring nie, maar weet asseblief dat ek onbeskryflik baie lief is vir jou en jou altyd naby my hart sal dra en jou nooit ooit sal vergeet nie.

Jy gaan nie hierdie briefie kan lees nie, maar ek begrawe hierdie briefie vandag saam met jou met die hoop om hierdie pyn in my hart beter te maak. Mamma sal mooi na sussie kyk en ons sal alles saam doen. Mamma sal haar nooit alleen los nie. Ek belowe. Mamma belowe vandag vir jou dat ek gaan lewe. Ek gaan lewe vir jou, vir jou pappa en vir jou sussie. Ons gaan die lewe vir jou part ook geniet. En ons sal jou altyd saam ons he in gees. Jy is after all my sunshine girl.

Mamma lief jou my aspatat, my bekkie blom, my engelkind. Ek sal jou weer sien en die keer sal ek jou nooit weer laat gaan nie. I PROMISE!

LIEF JOU EN LEKKER RUS MY SKAT, JY VERDIEN DIT!

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

GEVOELENS

Gevoelens is 'n snaakse enetjie. Emosies is nog erger. Dit vang jou op ongeleë tye en op snaakse plekke.

Die geringste dingetjie wat jy raak sien wat jou aan haar laat dink kom soos 'n vloedgolf en trane kan jy nie beheer nie al wil jy hoe graag. Voor jy jou oë uitvee is 'n week verby, daarna 2 dan 3... en die hartseer is dat dit al hoe langer gaan raak en nooit gaan ophou tot die dag wat ek my kop gaan neerlê nie. Ek het sekere dae gevoel alles raak te veel maar dan kry ek net weer daardie tikkie hoop en kry weer krag van Bo om aan te gaan.

Desember het nader gewink en ek wou nie he Kersfees moes kom nie. Ek het besluit om die storie van daardie vreeslike dag te deel sodat almal kan verstaan hoe ek voel.

My Ergste Droom Word Waar!!!

8 jaar 2 maande en 6 daggies... Dis hoe oud my kindertjie was en vir altyd sal bly...

Ek tel die dae wat jy nie meer hier is nie. Dis al 45 daggies sonder jou en dis nogsteeds bitter eina.

Mamma moes April 2012 hoor dat jy net nog 2 jaar het om te leef maar dit nie geglo nie. Hoe kan my kind weggevat word? Min het ek geweet dat oor 2 jaar en 5 maande sou jy weg wees van ons af.

Die laaste 3 weke van hierdie 5 jaar wat jy siek was, was vir my die seerste en die moeilikste. Ek het in 'n hospitaal kamer gesit en het toegekyk hoe jy elke dag agteruit gaan en ek kon niks daaromtrent doen nie.

Ek moes toekyk hoe swaar dit vir jou is om wakker te word, hoe swaar dit is om asem te haal. Jy was lus vir slap chippies en ek het gaan koop, maar jy't nie geëet nie. Jy't geskenke gekry maar nie veel notisie geneem daarvan nie.

Die dag toe die dokter my inroep en met my praat en vir my sê jou liggaampie is moeg geveg het 'n stuk van my hart gebreek. Ek het vir haar gevra...My kindertjie gaan nie saam my huis toe nie ne? Sy't net haar kop geskud en ek het geweet dit is tyd om afskeid te neem. Ek het almal gebel en gesê hulle moet kom. Dit was vir my erg. Ek was in 'n dwaal. Ek kon nie eet nie, ek was te bang om te slaap.

Die 17de Oktober die aand toe jy vas aan die slaap was het ek vir die eerste keer in 5 jaar my Bybel oopgemaak, 'n stukkie gelees en op my knieë neergesak en in trane het ek gebid dat Liewe Jesus jou moet verlos van hierdie eina en swaarkry. Dit was vir my die heel ergste... om te vra dat Liewe Jesus jou pragkind kom haal met die wete dat ek jou nie weer gaan kan vashou of soentjies uitdeel of versorg nie... dit was vir my bitter erg Bekkie.

Die 22ste het ek jou huis toe gevat met die wete dat jy dit nie gaan maak nie. Maar jy wou huis toe, in jou bedjie lê. Die volgende dag het Ouma-hulle kom kuier en jy't vreeslik erg asem gehaal en swaargekry. Die aand was ek so bitter bang om te gaan slaap want ek was bang as ek wakker word is jy alreeds huis toe. Maar mamma het by jou kom sit op die bed en het 'n rukkie net vir jou gesit en

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

staar. Ek het jou koppie gevryf en my hand op jou hartjie gesit. Ek het vir Pappa gesê jou hartjie klop vreeslik vinnig. Ek het jou 'n soen op die wang gegee en vir jou gesê rus nou sag my kindjie. Ons sal OK wees. Jy vir my gekyk en net jou ogies weer toegemaak. Ek het die volgende oggend wakker geword en toe ek daardie stilte hoor het ek geweet wat wag maar het dit half vermy.

Ek het kombuis toe geloop om vir sussie broodjies te maak vir skool maar het toe besluit om eers te gaan kyk of jy ok is. Mamma het vir 'n wyle eers by jou kamer deur gestaan voor ek die lig aangesit het, maar het toe al my moed bymekaar geskraap en die lig aangesit. Ek het jou lewelose liggaampie gesien lê en my hart het 'n paar kloppe gemis. Pappa het kom help en toe moes ons die nuus aan almal oordrae dat jy huis toe is.

Daardie dag was vir my erg maar jou begrafnis...om al daardie mense te sien en te weet dit is ons "final goodbye". Ek wou net in 'n hoekie gaan sit het en nie daar uit kom nie.

Ek het vir jou 'n briefie uit my hart uit geskryf en dit is op jou begrafnis briefie gesit...ek weet jy hoor dit...so hoor mooi wat mamma nou sê:

"Ons liefste engelkind. Jy't so baie byname gehad...Bekkie, Parra, Pikkewyn, Liefiekind, Spidercup, Roos... ons harte is leeg en seer maar ons is so bly jy is VRY! Jou onskuldige ogies wat altyd liefde uitgestraal het en daardie onmisbare glimlag met jou kreukelneusie sal vir ewig in ons gedagtes en harte voortleef.

Jy is 'n enorme inspirasie vir duisende mense en al was jy klein, het jy mense geleer om te hoop en te vertrou. Jy is enig in jou soort en niemand sal jou plekkie in ons harte vul nie. Ons is onbeskryflik baie lief vir jou en mis jou giggeltjie elke dag.

Soos jy altyd gesê het: Goodnight...Sien julle more... so se ons nou vir jou: **GOODNIGHT MY SKAT, SIEN JOU EENDAG WEER!!!**

Mamma mis jou elke dag meer, maar weet jy is op 'n baie beter plek en Liewe Jesus sal mooi na jou kyk! Lief jou vreeslik baie my kindertjie.

Tot ek jou weer sien...**LIEF JOU VIR ALTYD!**

Juanita Du Plessis sing 'n liedjie "Ek Laat Jou Gaan", sy was Xuane se gunsteling sangeres en die liedjie is ook op haar begrafnis gespeel. Die woorde het nie regtig s'n gemaak vir my tot die aand van die 17de Oktober 2014 nie. Ek het geweet ek moet haar laat gaan maar het nie geweet dit gaan so bitterlik seer wees nie.

Die woorde raak 'n mens se hart snare nogal maar dit sê presies wat ek vir haar wou sê, so ek het gevra dat hierdie liedjie in die kerk gespeel word vir haar:

'n Hart wat breek, 'n traan wat rol, dis die seerste seer wat niemand sal verstaan nie.

Ek weet dit is tyd, my gemoed is voel ek wil nie he jy moet sien hoe ek huil nie.

Met elke hartklop skree my siel hier binne my.

Ek wil so graag he jy moet langer bly, maar ek laat jou los, ek laat jou gaan,

Al die spore na die reënboog dit roep jou naam, jou drome wag, gaan haal dit nou.

Ek sal hier wees as jy omkyk om jou hoog te hou.

Hierdie keer kan ek nie saam gaan nie my lief, ek laat jou gaan...

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

*Ek is lief vir jou, moet dit nooit vergeet, hier sal 'n leemte wees wat niemand ooit kan vul nie,
Ek kyk op na bo en ek weet jy weet jy sal veilig wees waar ek jou nie kan sien nie,
Hier bly ek staan hier moet stop, ek vee die trane weg sit 'n glimlag op...
Maar ek laat jou los, ek laat jou gaan...*

Ek het baie emosies gehad en het baie gehuil. Ek het vroe gehad, woede, seer. Niemand kon vir my verduidelik hoekom en waarom nie. Ek wou afstand he van alles en almal maar dit was nie moontlik met Kersfees om die draai nie.

Ek het elke oggend opgestaan met hierdie leegheid en dit is asof die gat al dieper word met elke dag wat verby vlieg. Ek het begin om lysies te maak vir alles wat benodig word vir Kersfees om my gedagtes so bietjie af te lei maar elke keer as ek myself kry dan kyk ek na fotos en dink aan haar.

Ek het myself begin verwyf, ek kon meer gedoen het vir haar. Ek moes by haar gebly het sodat sy nie alleen was nie. Ek moes nie gaan slaap het nie, ek moes wakker bly al was ek hoe moeg. Sy is my kind en elke mamma doen alles in hulle vermoë om hulle kind te help, maar op hierdie stadium het ek gedink ek het nie.

Hierdie kwellinge het my elke dag meer en meer begin ry. Vra het al hoe meer geword en twee dae voor Kersfees het ek weer geskryf:

Kerse sal ek aansteek maar fees wil ek nie hou nie

Ek was nog nooit so bang vir Kersfees nie. Die gedagte dat ek jou nie gaan kan wakker maak met 'n persentjie of 'n soen op die voorkop gee of koffie en beskuit nie...dit maak my bang.

Jy was altyd so lief vir hierdie tyd van die jaar, jy't die slabies afgetel en en heelyd gesê: "Ek wonder wat T'tjie...oops...Kersvader gaan bring hierdie jaar"...jy't altyd na die tyd vir my gesê T'tjie se broek was geskeer of sy baard het skeef gehang en dan giggel ek en jy daarvoor. En Lanie wat so snaaks aangetrek het soos 'n Elfie met die punt skoene...

Hierdie jaar gaan ons nie daai geselsies he nie, maar weet dat ek nie vir een oomblik gaan ophou dink aan jou nie. Ek sal kyk wat is snaaks en dit vir jou fluister. Ek sal 'n beskuitjie op jou eet en sommer twee soene opstuur hemel toe.

My kind...hierdie mamma se hart is sooooo seer. Die dag toe ek op my knieë gaan en vir Liewe Jesus vra om jou te verlos van hierdie ondraaglike pyn en ongemak het ek nie 'n ideë gehad wat vir my wag nie. Ek het geweet ek gaan jou nie meer kan soen of terg of net cuddle nie maar ek het nooit besef dat ek alles gaan doen SONDER jou nie.

Dit slaan my vierkantig in die gesig elke dag. Ek het jou kas oopgemaak gisteraand...soos Tannie Lisl se – RIPPING OF THE BAND AID – het ek voor jou kas gestaan want dit is my eina daai. Ek het elke hempie opgetel en geruik met die hoop dat ek jou sal ruik. Ek het elke dingetjie waaraan jy gevat het vasgehou met die hoop dat ek jou weer sal voel. Maar alles is asof dit 'n "blank" is...Jou kamer is so leeg...

Jy is dalk weg my Bekkie maar nooit vergete nie. Mamma dink aan jou elke dag, mis jou ongelooflik baie en wens vir net een oomblik saam jou. Jy was my superhero...iemand waarna ek opgekyk het...altyd reg met 'n smile.

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Lief jou Bekkie Blom – VEREWIG EN ALTYD!

So het ek oukersdag alles dopgehou. Ek en my man het mense gehad wat kom kuier het en het hulle met 'n glimlag gegroet en hard probeer lag, maar dit was moeilik. Maar ons het dit gedoen.

Ou kersaand is geskenke uitgedeel en daar is Kersvader se broek wraggies toe weer geskeer. Almal het geskreeu soos hulle lag, maar in my hart wou ek net skree HOEKOM en ek wou weg hardloop en skree!!!

Kersoggend het ek koffie gemaak en 'n beskuitjie geëet maar met trane in my oë want daar was nie daardie stemmetjie wat uitroep: "hey, waar is myne".

Ek wou nie hierdie dag beleef sonder haar nie. Alles het onwerklik gevoel, maar tog het ons dit geniet om saam familie te wees. Ek dink op die ou end van die dag was dit goed gewees anders as om alleen te wees, maar partykeer moet mens ook jou gevoelens konfronteer om gesond te word.

Nuwe Jaar het gekom en ons het vuurwerke op die balkon gestaan en kyk en toe die klok slaan was almal gelukkig oor die nuwe jaar en het goeie wense uitgespreek en al wat ek kon dink is, ek gaan 'n nuwe jaar in sonder my Bekkie Blom.

Ek het nooit gedink hierdie dag sou kom nie maar hy het en dit het my vreeslik erg gevang. Ek was 'n emotionele wrak en wou he almal moes weet hoe seer my hart is. Ek wou he hulle moes ook seer kry net om te verstaan hoe ek voel.

Vroeg Januarie 2015 het ons Mia se 6de verjaardag gehou en sy het opgestaan en vir my kom sê mamma, dink mamma Liewe Jesus sal sussie net vir een dag vir ons leen sodat sy na my partytjie toe kan kom.

My hart het in my skoene in gesink en ek moes vinnig dink sodat ek op 'n mooi manier vir haar kan verduidelik dat sussie nie terug kom nie. Ek het toe vir haar gesê dat sy nie kan kom nie want as Liewe Jesus haar vir een daggie gaan leen gaan ons haar nie terug gee nie en Liewe Jesus het haar nou nodig sodat sy oor al die ander siek kindertjies kan waak en seker maak hulle is nie bang nie. Sy was tevrede met hierdie antwoord en het in spanning gewag vir haar maatjies om te kom sodat die partytjie aan die rol gesit kon word.

Ek het afgeskakel en vir een dag het ek gesê gaan ek vergeet van alles en net die dag saam Mia geniet. Sy het net soveel soos ons deurgemaak. Sy het van kleintyd af in hospitale groot geword en saam gegaan as sussie moes hospitaal toe. Ek het 'n kind verloor maar sy het ook haar sussie verloor.

Ons het lekker partytjie gehou daardie dag, maar die volgende dag was al daardie emosies terug en hierdie keer met wraak want hoe kon ek vir een dag wou vergeet? Wraak sou my nie toelaat om dit te doen nie, dit was onaanvaarbaar. My emosies het wipplank gery en ek het elke dag meer kwaad geraak, meer hartseer geword, meer bang geword en meer raadop want hoe meer ek vrae vra, hoe minder antwoorde het ek gekry.

Ek het besluit die beste manier om hierdie gevoelens uit te kry was om dit op papier te sit vir almal om weer te lees.

Mamma is...

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Mamma is kwaad. Mamma is teleurgesteld. Mamma is vreesbevange. Mamma is raadop. Mamma is hartseer.

Mamma is kwaad want jy is nie meer hier nie. Mamma is kwaad want Liewe Jesus kon jou gesond maak het maar het nie. Mamma is kwaad want met al die tegnologie wat vandag beskikbaar is kon nie een Dokter jou help nie. Mamma is kwaad want my hart pyn so erg en niemand kan dit beter maak behalwe jy nie.

Mamma is teleurgesteld want jy is nie meer hier nie. Mamma is teleurgesteld want Liewe Jesus het toegelaat dat jy al daardie eina deurgaan. Mamma is teleurgesteld want jy moes al daardie eina maak vir 5 jaar en niemand kon jou help nie. Mamma is teleurgesteld want daar is nie medisyne vir 'n eina en gebroke hart nie.

Mamma is vreesbevange want jy nie meer hier nie. Mamma is vreesbevange want wat as ek jou nie weer eendag by Liewe Jesus sien nie? Mamma is vreesbevange oor die gedagte dat ek jou teleurgestel het. Mamma is vreesbevange want my gebreke hart mag dalk net my gemoed sover kank dat ek nie meer wil opstaan nie.

Mamma is raadop want nie een traan bring jou terug nie. Mamma is raadop want maak nie saak hoeveel keer ek vra nie, Hy beantwoord nie my vraag nie. Mamma is raadop want ek moet oor en oor vertel hoe jy gesukkel het al maak dit sooooo baie seer.

Mamma is hartseer want ek hoor jou nie meer roep in die aande nie. Mamma is hartseer want ek jou nie meer versorg nie. Mamma is hartseer want ek kan jou nie meer vasdruk en beskerm nie. Mamma is hartseer want al wat ek sien is 'n kisse en nie meer jou glinsterogies nie.

My liefste bekkie blom...jou mamma se hart is flenters. Mamma is kwaad vir Liewe Jesus want hoe kan Hy jou vir my gee en dan jou net weer so wegvat. Mamma is teleurgesteld in die medici want hulle kan vigs gesond maak maar nie kanker nie. Mamma is raadop want ek weet nie meer hoe om al die vrae te beantwoord nie. Mamma is hartseer want my bekkie is vir ewig en altyd weg.

Ek weet ek mag kwaad wees en vra vrae en gil en skree want jy was myne. Jy was my sonstraaltjie want deur al die eina het jy gelag en jou ogies het geskitter en jy was altyd reg met 'n drukkie of 'n LOVE YOU!

Maar...

Mamma weet Liewe Jesus het Sy redes, ek verstaan dit nie en dink nie ek sal ooit nie, maar ek weet jy't jou doel voltooi op aarde, dit is nou my doel om uit te vind waarvoor daai doel was. Mamma is sooooo bang om alles sonder jou aan te pak, maar my skat ek PROMISE jou nou dat die duiwel nie sy s'n gaan kry nie. Ons sal hom wys wie is baas!

My hart sal vir altyd seer bly want elke mamma soek maar net haar kindertjies gesond en langs hulle sy en jy is nie meer nie. Ek moet daarmee saamleef. Dit is hard, dit is nie lekker nie en dis wreed. Mamma probeer saggies huil sodat niemand sien nie. Maar partykeer kry hierdie emosies van mamma sommer net die oorhand en dan wil ek net tjank. Weet net dat hierdie mamma elke traan wat ek stort sal sterker word... hierdie mamma mis haar Bekkie net met alles in haar en wens maar net vir nog 'n paar oomblikke saam jou!

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Al het ek geskryf, was ek nogsteeds kwaad. Ek was omtrent soos 'n vrou met 'n baie erge PMS houding. Ek het nie 'n dooie duit gevoel of ek iemand seer maak in die proses nie want ek wou he hulle moes weet waardeur my hart gaan. My kind is weg, my kind kom nooit weer terug nie, my kind is weggevat sonder rede, my kind moes ly terwyl ander mammas hulle kinders weggooi en verwaarloos. Ek moes myne teruggee al wou ek haar net vir altyd by my hou.

My geloof was nie meer wat dit was nie, waarin glo ek? Ek glo in my God wat die onmoontlike kan doen en onvoorwaardelik lief is vir Sy kinders. Maar hoe laat Hy dan toe dat ek so seer kry elke lieue keer? Hoe kon Hy toelaat dat my kind so lank siek moet wees en so lank moes ly terwyl Hy haar net kon gesond maak en ons kon aanbeweeg met ons lewens soos normale mense doen.

Maar ek het met 'n harde slag aarde toe gekom toe ek besef dat Hy slegs gee as Hy ontvang as ek dit so kan stel. Dit help nie jy ken die Here net in slegte tye nie, jy moet Hom in goeie tye ook ken want jy kan nie verwag Hy moet net alles gee en doen en as Hy dit wel doen dan vergeet jy weer van Hom nie.

Maar dit het ook nie my woede weggevat nie. Ek het vrae gevra soos hoekom my kind? Wat het sy gedoen om dit te verdien? Wie gee Hom die reg om my kind vir my te gee en te leer lief kry en dan haar net weer te vat wanneer Hy lus het.

My hart was in stukke en niks en niemand kon dit beter maak nie. Ek moes aanvaar my kind is dood en ek kon niks doen om haar te red nie.

DATUMS...

Elke vrou onthou spesifieke datums waarop hulle mylpale bereik het. Dit is maar net al daai spesiale oomblikke wat mens verewig sal onthou....

Wel. Ek onthou die volgende datums:

2005/12/26 – Vind uit ek is swanger met Xuane

2006/03/04 – Troudag

2006/08/17 – Xuane se geboorte

2008/05/19 – Vind uit ek is swanger met Mia

2009/01/18 – Mia se geboorte

2009/10/28 – Xuane se eerste operasie

2010/02/02 – Xuane se eerste 5 ure operasie

2010/02/11 – Xuane word gediagnoseer met kanker

2010/03/08 – Xuane se bestraling begin

2010/04/21 – Xuane se bestraling is klaar

2010/11/26 – Xuane se tweede 5 ure operasie

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

2010/12/16 – Xuane se eerste chemo

2011/01/21 – Xuane se tweede chemo

2011/02/19 – Xuane se derde chemo

2012/04/12 – Dokters vertel my Xuane het 2 jaar oor om te leef

2014/10/24 – Xuane is oorlede

2014/10/28 – Xuane se begrafnis

2014/10/30 – Xuane se verassing

Soos ek vir hierdie datums kyk is daar meer slegte oomblikke wat ek onthou as gelukkige oomblikke. En dit is net nie reg nie. Mense moet datums sien en sê sjoe, ons het dit gedoen en dat gedoen nie hoeveel keer ons in die hospitaal was en hoeveel operasies ondergaan is nie.

Jy kry daardie vormpies wat mens moet invul met elke hospitaal opname en dan skrik mens as mens besef jy kan hom al toe oë invul en jy ken jou mediese fonds kaartjie se nommer uit jou kop uit. Dit is soos 'n telefoon nommer wat jy memoriseer.

Ek het op die 3de Februarie 2015 teruggekeer na 'n plek wat ek gedink het my nooit weer gaan sien nie. Maar ek wou nie terug gaan nie. Ek het myself gedwing om dit te doen want ek het geweet as ek nie nou plan maak nie gaan ek mal word.

Ek is terug Unitas Hospitaal toe om Xuane se rolstoel te skenk. Daai gevoel toe ek deur daardie deur loop is 'n gevoel wat ek nie kan beskryf nie. Dit was pleinweg gagga.

Om daar in te stap en daai gesiggies te sien en na daai kamer te kyk waar jou gelê het vir 2 weke en waar ek vrede gemaak het en vir die Here gevra het om haar te kom haal want ek kon nie langer my kind so sien nie. Sy het swaar gekry en maak nie saak hoeveel takies ek nog aanleer om haar te help nie, dit gaan nie haar lewe red nie.

Dit was die einde, maar ek wou dit nie raak sien nie. Ek het bly veg en toe ek myself kry toe staan ek by 'n kamer deur met die aakligste geluid wat in my ore vir my skree...stilte...en daar lê sy...leweloos...hoe hou jy jouself in toom en skree nie histeries nie...HOE?

Hoe tel jy 'n telefoon op en bel jou mense met sulke nuus? Hoe gaan jy aan asof dit 'n dood normale dag is? Hoe gaan slaap jy sonder verwyte? Hoe staan jy op net om die nagmerrie oor en oor en oor te beleef? Wel dit is hoe my dae nou is. Alhoewel ek 'n pragtige sonstraal van 'n dogtertjie het wat my omhels as ek dit nodig het of net vir my smile as ek 'n traan in die oog het so sit ek ook met daardie leegheid wat nie eers sy kan vol maak nie.

En wat my vang is dat ek ALTYD so gaan voel?

Dis snaaks hoe mense onttrek van jou lewe as jy deur 'n moeilike tyd gaan. Sekere mense wat voorgee om jou beste vriende te wees bel nie, hulle vra nie hoe dit gaan nie en dit is die tyd wat jy

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

hulle die nodigste het. Al bel hulle net om te hoor hoe jy onophoudelik huil oor die foon. Die wete van hulle is daar vir my enige tyd van die dag of nag help alreeds baie. Jy moet uiting gee aan al die emosie. Maar hulle is net nie daar nie. Hulle verdwyn van die aardbol af maar die dag as jou kind sterf is hulle die eerstes wat hulle hartseer betoon.

Hoekom nou? Ek soek nie jou simpatie nou as ek dit nie vir 5 jaar gehad het nie. Sekere mense vertel jou nee man, wees positief, sy gaan gesond word en opstaan en loop. Sekere mense vertel jou dat jy moet bid en sterk bly. Vir julle informasie, dit is al wat ons as ouers doen. Ons het nie 'n keuse nie, ons moet sterk wees en sterk bly want as ons nie doen nie, wie gaan na die siek kind omsien?

Ek dink partykeer moet mense net hulle monde hou en besef wat hulle eintlik sê vir die ouers. As hulle sê moenie hoop verloor nie, maar elke keer as jy die MRI skandering sien en besef maar die tumor het verdere skade gerig, hoe verloor mens nie moed en hoop nie? Hoe hou mens aan glo as jy elke keer 'n terugslag beleef? Dit is vrek moeilik. Mense het ook die geneigdheid om te sê moenie jou kwel nie, more gaan dit weer beter... nuusflits!!!! Dit gaan nie more beter gaan nie moroon want ons kind is nie more terug nie!

Die beste van alles is, mense vertel jou van slegte drome wat hulle gehad het van jou kind. Op daardie oomblik word jy eintlik bleek van woede. Hou die droom vir jouself asb, ek wil dit nie hoor nie. As jy 'n mooi droom oor haar gehad het, deel dit dan met my, anders...bly net stil want wat impliseer jy met hierdie droom van jou?

Mense vergelyk hulle seer met die van die ouers s'n. Maar ek het nuus vir julle. Dit is totaal en al verskillend. Ja hulle het ook iemand belangrik verloor wat baie beteken het vir hulle maar vir 'n ma en 'n pa is dit anderste.

Ek het elke dag saam haar geleef, elke dag haar gesien en gedruk en gesoen en nou is daar 'n plekkie.. 'n kamer net leeg.

Jou roetine is in sy kanon in, jy het ure in jou dag wat jy nie gehad het nie en alhoewel dit hemels klink om 'n paar uur langer te kan slaap is dit wat jou die meeste vang.

Jou gedagtes was heeltyd besig van wat volgende moet gebeur en jy was heeltyd besig. Nou is dit jy en jou gedagtes en partykeer is dit baie gevaarlik.

Mens dink oor alles, wat as, as ek maar net, as ek dalk net dit gedoen het. Mens maak jouself mal. Maar dan kom al daardie goeie herhinneringe en die goeie tye saam die slegtes. Ek weet ek het myself baie keer vlak gevat maar ek het alles gedoen wat ek kon en nie eers dit kon haar red nie.

Xuane was 'n anderste kind. Sy was nie lief vir aandag nie, om die middelpunt te wees van alles was nie 'n opsie nie, sy was skaam en teruggetrokke maar met een glimlag het sy in duisende mense se harte in gekruip.

Mense se heeltyd vir my sy is op 'n beter plek en sy sal nie wil plekke ruil met ons nie, maar die vet weet dit laat nie 'n mamma en pappa se hart beter voel nie. 'n Beter plek? Die beste plek was hier by my, in my arms...veilig.

Ek kon haar sien, ek kon haar vashou en troos, ek kon haar bad, ek kon haar aantrek. Ek kon haar kossies gee en saam haar lag en huil. Ek wou sien of my kind tog in die Hemel is, al het ek geen

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

twyfel gehad of sy is nie. Sy is definitief die mooiste engel. Maar steeds wou ek dit sien, my hart wou nie rustig raak nie.

Almal het van haar gedroom behalwe ek. Ek wou ook my kind weer sien. Wat maak ander mense dan so spesiaal om haar weer te sien? Ek is die ma! Ek het die volste reg om haar te sien. Ek het gesmeek en gevra asb, ek wil net weet of sy veilig is en gelukkig is.

Ek het my kop gaan neerlê na 'n baie lang dag en daar droom ek van haar. Ek het gedroom sy het langs my gelê soos die oggend wat ek haar gekry het, ek onthou dat ek omgedraai het en toe ek haar sien het ek haar vasgegryp en net vasgehou. Sy het haar kop na my toe gedraai. Sy het geen swelsel gehad nie, geen merkie van 'n tumor nie net haar mooi ouself. Sy het nie 'n woord gesê nie, maar het vir my geglimlag. Sjoie, dit was seker die mooiste glimlag wat ek al gesien het. En toe verdwyn sy net.

Ek het wakker geskrik en besef, my kind is veilig en gelukkig. My hart was gerus vir die eerste keer in 5 maande na haar dood.

Alhoewel ek baie dae nog baie huil en ek glo dit gaan vir altyd so wees maar nou kan ek elke aand met 'n geruste hart gaan slaap en weet sy is in veilige hande. Sy is waar sy wil wees, al wil ek haar net by my he.

Vir nou gaan ek fokus op Mia. Sy het my nou nodig en ek vir haar. Sy is sprankelend en 'n besige bytjie maar 'n sonstraaltjie in my dag as die dag donker begin. Van nou af sal sy al die aandag kry wat sy verdien en ek sal vir haar wys sy beteken net soveel vir ons as wat sussie vir ons beteken het.

Ons het 'n groepie van mammas wat op 'n whatsapp groep is. Ons almal het ons kinders verloor. Ons deel mekaar se hartseer, slegte en goeie dae, mooi herhenninge en ons lag net so lekker vir mekaar ook. Maar daar is een mamma wat uitstaan vir my. Sy het in 9 maande se tyd twee dogters aan die dood afgestaan. Ek het nie geweet wat om vir haar te sê nie, want as ek so seer het, hoe moet haar hart dan voel? Om een kind te begrawe is bitterlik moeilik maar twee....

Hierdie mamma staan nogsteeds. Sy is 'n rots vir ons almal en 'n voorbeeld vir baie. Sy help ons nogsteeds deur ons donkerste dae en ja sy is beslis vir my 'n groot rolmodel. En as ek 'n donker daggie het, dink ek net aan haar. Soveel om te sê maar tog so min woorde.

My liefde vir my kind sal nooit verdwyn nie en die vrae gaan ook nie. Ek gaan altyd wonder hoekom sy en waarom moet sy soveel seer deurgemaak het maar my vrae sal wel eendag beantwoord word. Ek gaan altyd wonder hoe sou sy nou gelyk het, watter partytjie sou ons hierdie jaar gehou het, watter tipe matriefafskeid rok sou sy aangetrek het en hoe sou sy met haar troudag gelyk het?

Ons gaan wonder en ons mag. Ons gaan slegte dae he, moenie eers vra wat is fout nie, want daar is net een ding fout, realiteit vind maar net nog 'n manier om ons tussen die oë te slaan en partykeer is dit so hard dat mens nie eers lus voel om op te staan nie. Maar jy moet, ongelukkig en dit is die hartseer van alles, die lewe gaan aan. Ja ons s'n gaan nou aan sonder Xuane, maar sy is altyd in ons harte. Haar fotos gaan oral in my huis bly staan of jy daarvan hou of nie, sy is myne en ek sal haar soveel as moontlik laat voortleef in my huis.

Xuane... 'n Rede om te Glimlag

Xuane was maar net 'n anderste enetjie. Sy het 'n manier gehad om vir jou te kyk en te glimlag en dan net te se: "Lief jou mamma" ...dit was soos 'n engel wat elke keer vir my gesing het. En deur 5 jaar van eina he en soveel moes deurmaak in haar klein lewetjie het sy nie een dag gekla nie.

Ek is eintlik baie bevoorreg, want ek het die eer gehad om haar mamma te wees, sy was aan my geleen en ek weet ek het alles gedoen om haar te help. Vir my voel dit asof dit nie genoeg was nie, maar ek weet sy is my engel en sy kyk vir my elke dag...lag partykeer seker lekker vir haar mal ma. Maar dit is hoe sy is...my rede om te glimlag.

Wat mense ook nie besef nie is haar lewe het wel tot 'n einde gekom maar eintlik het haar lewe nou eers begin, die lewe waarna sy so gesmag het, om rond te hardloop, vry te wees van dokters en hospitale en gesond te wees.

Haar legende leef nou voort in elkeen van ons se harte en ons het 'n leeftyd se herinneringe van haar. Sekeres is nie so mooi soos die ander nie maar die mooiste van alles is daardie glimlag. En wat ek vandag met 'n glimlag kan sê is...niemand kan dit ooit van my af wegvat nie.

Die Einde